RES-61 Dept 1

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

# DIE SOSIO-EKONOMIESE POSISIE VAN INDIëRBOERE IN DIE DURBAN-PINETOWNGEBIED

deur

J.M. LöTTER

en

A.J.J. BOTHA

NAVORSINGSREEKS Nr. 61

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing

001.3072068 RES 61 NBSR

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 NBSR<br>RES 61 | 36386/3 |

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

38386

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

HUMANITAS
RGN-HSRC

KAP

VERVALDATUM/DATE DUE

J.M. Lötter, M.A., D.Phil

en

A.J.J. Botha, M.A.

1967

0000547596

001.3072068 NBSR RES 61

*054759*

RBN ... NSRC
1977
STANDKODE NBSR RES 61
001.3072068
G
NOMMER
363863

# V O O R W O O R D

Sedert die totstandkoming van 'n afsonderlike afdeling vir sosiologiese navorsing met betrekking tot die Indiërbevolking van die Republiek, het die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing reeds twee groot ondersoeke met betrekking tot die Indiërs in Suid-Afrika onderneem. Die verslag oor die sosio-ekonomiese posisie van die Indiërbevolking in Natal het reeds verskyn terwyl 'n verslag oor die arbeidspatroon van Indiërs in Natal tans in die pers is.

Soos in die geval van die bogenoemde navorsingsprojekte, is die huidige ondersoek ook op versoek van die Departement van Indiërsake deur die Buro onderneem.

Graag betuig ek my dank aan die hoof en beamptes van die Durbanse Streekkantoor van bogenoemde Departement vir hulle heelhartige samewerking en aan die Indiërveldwerkers wat met die opname behulpsaam was. Ten slotte ook 'n woord van dank aan die Indiërboere wat by die ondersoek betrek is vir hulle samewerking.

A.v. Robertson.
DIREKTEUR

INHOUD


| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | Doel | 1 |
| 1.2 | Begrensing van die ondersoek | 1 |
| 1.3 | Navorsingsprosedure | 1 |
| 1.4 | Omskrywing van begrippe | 2 |
| 2 | DIE BOERDERYKOMPLEKS: DIE GROOTTE EN DIE BEWONERS | 4 |
| 2.1 | Inleiding | 4 |
| 2.2 | Grootte | 4 |
| 2.3 | Okkupasiereg | 7 |
| 2.4 | Die bewoners van die boerderykomplekse | 8 |
| 3 | DIE BOERDERYKOMPLEKS: EKONOMIESE ASPEKTE | 12 |
| 3.1 | Inleiding | 12 |
| 3.2 | Die hoofproduk | 12 |
| 3.3 | Voor- en agteruitgang in 'n tydperk van twee jaar | 14 |
| 3.4 | Inkomste | 15 |
| 3.5 | Bates en laste | 17 |
| 3.6 | Die gebruik van bemestingstowwe | 20 |
| 3.7 | Gehuurde arbeid | 22 |
| 3.8 | Bemarking | 22 |
| 4 | BEHUISING | 23 |
| 4.1 | Inleiding | 23 |
| 4.2 | Soort woning | 23 |
| 4.3 | Grootte van wonings | 24 |
| 4.4 | Oorbewoning | 24 |
| 4.5 | Fasiliteite | 28 |
| 5 | VOLTYDSE BOERE | 29 |
| 5.1 | Inleiding | 29 |
| 5.2 | Algemene kenmerke | 29 |
| 5.3 | Besitreg | 32 |
| 5.4 | Arbeidsgeskiedenis | 32 |
| 5.5 | Houding ten opsigte van boerdery | 34 |
| 5.6 | Die behoefte aan landbouvoorligting | 35 |

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 6 | DEELTYDSE BOERE | 37 |
| 6.1 | Inleiding | 37 |
| 6.2 | Algemene kenmerke | 37 |
| 6.3 | Inkomste | 38 |
| 6.4 | Beroepsaangeleenthede | 38 |
| 7 | PLAKKERBOERE | 40 |
| 7.1 | Inleiding | 40 |
| 7.2 | Boerderyaspekte | 40 |
| 7.3 | Die huishoudings | 41 |
| 8 | SAMEVATTING | 44 |
| 8.1 | Inleiding | 44 |
| 8.2 | Die boerderykompleks: die grootte en die bewoners | 45 |
| 8.3 | Die boerderykompleks: ekonomiese aspekte | 45 |
| 8.4 | Behuising | 46 |
| 8.5 | Voltydse boere | 46 |
| 8.6 | Deeltydse boere | 46 |
| 8.7 | Plakkerboere | 47 |
| 8.8 | Slotbeskouing | 47 |

TABELLE


| NR. | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1.1 | OMGEWINGS WAAR PLASE AANGETREF IS | 2 |
| 2.1 | GROOTTES VAN BOERDERYKOMPLEKSE | 4 |
| 2.2 | GROOTTE VAN BOERDERYKOMPLEKSE BEWERK | 5 |
| 2.3 | GROOTTE BYKOMEND BEWERKBAAR | 6 |
| 2.4 | GROOTTE ONDER DROëLANDBEWERKING EN ONDER BESPROEIING | 7 |
| 2.5 | OKKUPASIEREG VOLGENS GROOTTE VAN BOERDERYKOMPLEKS | 8 |
| 2.6 | TOTALE GETAL EIENAAR-OKKUPEERDERS VAN BOERDERYKOMPLEKSE | 8 |
| 2.7 | GETAL PERSONE PER BOERDERYKOMPLEKS | 9 |
| 2.8 | TOTALE BEVOLKING OP BOERDERYKOMPLEKSE AANGETREF VOLGENS GESLAG | 9 |
| 2.9 | GETAL MANS VOLTYDS ELDERS GEëMPLOJEER VOLGENS GROOTTE VAN BOERDERYKOMPLEKS | 10 |
| 2.10 | GETAL WERKLOSES VOLGENS GROOTTE VAN DIE BOERDRYKOMPLEKS | 11 |
| 3.1 | SOORT HOOFPRODUK | 12 |
| 3.2 | BREUK VAN TOTALE INKOMSTE VERKRY UIT ELKE PRODUK | 13 |
| 3.3 | GROOTTE ONDER HOOFPRODUK | 13 |
| 3.4 | OPPERVLAKTE TANS ONDER HOOFPRODUK VERGELEKE MET DIé VAN TWEE JAAR TEVORE | 14 |
| 3.5 | HUIDIGE OPBRENGS UIT HOOFPRODUK VERGELEKE MET DIé VAN TWEE JAAR TEVORE | 14 |
| 3.6 | NETTO JAARLIKSE INKOMSTE UIT PLASE VERKRY | 15 |
| 3.7 | HOOFPRODUK VOLGENS INKOMSTE | 16 |
| 3.8 | WAARDE VAN GROND | 17 |
| 3.9 | WAARDE VAN WONINGS | 18 |
| 3.10 | WAARDE VAN VERBETERINGS | 18 |
| 3.11 | WAARDE VAN VASTE EIENDOM | 19 |
| 3.12 | WAARDE VAN ROERENDE EIENDOM | 19 |
| 3.13 | LASTE | 20 |
| 3.14 | BEMESTINGSTOWWE | 20 |
| 3.15 | HOEVEELHEID KUNSMIS GEBRUIK | 2[illegible] |
| 3.16 | HOEVEELHEID KRAALMIS EN HOENDERMIS GEBRUIK | 21 |
| 3.17 | PLEK VAN BEMARKING VOLGENS HOOFPRODUK | 22 |
| 4.1 | MATERIAAL WAARVAN BUITEMURE VAN WONINGS GEMAAK IS | 23 |
| 4.2 | GETAL WOON- EN SLAAPVERTREKKE | 24 |
| 4.3 | GETAL PERSONE PER SLAAPVERTREK | 25 |
| 4.4 | VERTREKKE BENODIG AS SLAAPVERTREKKE VOLGENS KAMERS GEBRUIK AS SLAAPVERTREKKE | 27 |
| 4.5 | BESKIKBAARHEID VAN ELEKTRISITEIT EN WATER IN DIE WONINGS | 28 |
| 4.6 | BESIT VAN RADIO, YSKAS, TELEFOON EN MOTORKAR DEUR HUISHOUDING | 28 |

BLADSY

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | OUDERDOM VAN VOLTYDSE BOERE VOLGENS GESLAG | 29 |
| 5.2 | HUISTAAL VAN VOLTYDSE BOERE VOLGENS GESLAG | 30 |
| 5.3 | GELOOF VAN VOLTYDSE BOERE | 30 |
| 5.4 | HUWELIKSTAAT VAN VOLTYDSE BOERE VOLGENS GESLAG | 31 |
| 5.5 | ONDERWYSPEIL VAN VOLTYDSE BOERE VOLGENS GESLAG | 31 |
| 5.6 | BESITREG VAN VOLTYDSE BOERE VOLGENS GESLAG | 32 |
| 5.7 | WYSE WAAROP EIENAARS HUL GROND BEKOM HET | 32 |
| 5.8 | TOTALE TYDPERK AS BOER WERKSAAM VOLGENS BESITREG | 33 |
| 5.9 | TOTALE TYDPERK IN ANDER BEROEP | 33 |
| 5.10 | VORIGE BEROEPE VAN VOLTYDSE BOERE | 34 |
| 5.11 | RESPONSIE OP 'N VRAAG OF BOERDERY DIE EERSTE KEUSE AS BEROEP IS VOLGENS BESITREG | 34 |
| 5.12 | RESPONSIE OP 'N VRAAG OF DAAR 'n TOEKOMS IN BOERDERY IS VOLGENS BESITREG | 35 |
| 5.13 | PROBLEME WAAROOR VOORLIGTING VERLANG WORD | 35 |
| 6.1 | OUDERDOM VAN DEELTYDSE BOERE | 37 |
| 6.2 | ONDERWYSPEIL VAN DEELTYDSE BOERE | 37 |
| 6.3 | BRUTO INKOMSTE VAN DEELTYDSE BOERE UIT BOERDERY EN „ANDER" BEROEP | 38 |
| 6.4 | „ANDER" BEROEP VAN DEELTYDSE BOERE | 38 |
| 6.5 | TYD PER WEEK BESTEE AAN „ANDER" BEROEP | 39 |
| 6.6 | TYD PER WEEK BESTEE AAN BOERDERY | 39 |
| 7.1 | GEMIDDELDE MAANDELIKSE INKOMSTE VERKRY UIT DIE VERKOOP VAN GROENTE WAT OP DIE PLAKKERBOERDERYE GEPRODUSEER IS | 41 |
| 7.2 | TOTALE BEVOLKING VAN HUISHOUDINGS MET PLAKKERBOERDERYE GEMOEID VOLGENS GESLAG | 42 |
| 7.3 | TOTALE KONTANTINKOMSTE (PER MAAND) VAN HUISHOUDINGS WAT MET PLAKKERBOERDERYE GEMOEID IS | 43 |

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

1.1 DOEL

Die onderhawige ondersoek is deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing onderneem op versoek van die Departement van Indiërsake.

Die behoefte aan gegewens oor die Indiërgemeenskap wat op plase in Durban-Pinetowngebied woonagtig is, spruit voort uit die besef dat die huidige lewenspatroon van die gemeenskap bedreig word deur die steeds groeiende stadskompleks wat al meer landbougrond beset en die feit dat 'n deel van die gemeenskap in areas woon wat vir bewoning deur ander bevolkingsgroepe gereserveer is. Hierbenewens word daar sterk getwyfel of 'n menswaardige bestaan uit die boerdery op baie van die plasies moontlik is.

Ten einde beplanning en toekomstige optrede te vergemaklik, is 'n sosio-ekonomiese opname van beperkte omvang onderneem. Gegewens is, onder andere, ten opsigte van die grootte van die plase, sekere boerdery-aangeleenthede, die bevolkingsamestelling van die bewoners van die plase, die voltydse en die deeltydse boere ingewin.

1.2 BEGRENSING VAN DIE ONDERSOEK

Hoewel die Departement van Indiërsake te kenne gegee het dat hulle gegewens ten opsigte van Indiërboere in Natal as geheel sou waardeer, is daar met inagneming van die beskikbare mannekrag en die tydsfaktor, besluit om die ondersoek aanvanklik tot die Durban-Pinetowngebied te beperk.

Benewens vir die geografiese begrensing van die ondersoekgebied, moes daar ook besluit word watter „eenhede" as plase beskou sou word en watter nie. Dit was 'n aktuele probleem in 'n omgewing waar klein plasies dikwels nie groter as woonerwe is nie en groot tuine soms op woonerwe aangetref word.

Eenhede wat deur die okkupeerders besit of gehuur word, wat nie as boupersele afgemeet is nie en waarop tekens van die een of ander boerdery-aktiwiteit duidelik te bespeur is, is as plase beskou.

Bogenoemde omskrywing is moontlik nie waterdig nie maar tydens die veldondersoek is plase gewoonlik in komplekse aangetref wat geen twyfel gelaat het dat daar in die omgewing geboer word nie.

Die omskrywing maak nie voorsiening vir die sogenaamde „plakkerboerderye" nie hoewel ook van hierdie eenhede by die ondersoek betrek is. Inligting wat ten opsigte van die plakkerboerdery ingewin is, word afsonderlik in hoofstuk 7 ontleed en hulle word, voorlopig buite rekening gelaat.

1.3 NAVORSINGSPROSEDURE

Twee vraelyste - een 'n kort vraelys wat met betrekking tot die plakkerboerderye gebruik is - is opgestel. Die vraelyste is eers gefinaliseer nadat dit deeglik in die ondersoekgebied uitgetoets is.

Die veldondersoek is behartig deur vier navorsingsbeamptes van die Buro en sewe Indiërs wat as tydelike veldwerkers in diens geneem is. Laasgenoemde veldwerkers is uit verskillende taalgroepe

gekies ten einde kommunikasieprobleme met die ondervraagdes te vermy. Die Indiërveldwerkers is deeglik in die gebruik van die vraelyste opgelei asook in die tegniek van onderhoudvoering en het, tydens die opname, deurgaans saam met en onder toesig van die navorsingsbeamptes gewerk.

Veral omdat die presiese omvang en die ruimtelike verspreiding van die universum van plase in die ondersoekgebied aanvanklik onbekend was, is probleme voorsien om 'n verteenwoordigende steekproef sonder 'n omvattende vooropname saam te stel. Daar is derhalwe besluit om die universum van plase by die opname te betrek. In tabel 1.1 word aangetoon waar die grootste konsentrasies van plase aangetref is en ook hoeveel plase daar aangetref is. Al die gebiede met minder as 10 plase is saamgevat onder „ander".

TABEL 1.1

OMGEWINGS WAAR PLASE AANGETREF IS

| Omgewing | Getal |
|---|---|
| Wentworth | 27 |
| Clairwood | 22 |
| Merebank | 21 |
| Cavendish | 17 |
| Escombe | 19 |
| Sea-Cow Lake | 95 |
| Springfield | 45 |
| Clare Estate | 15 |
| Westville | 10 |
| Hillary | 10 |
| Pinetown | 21 |
| Wyebank | 43 |
| Kranskloof | 16 |
| Gillets | 60 |
| Marianhill | 37 |
| Shallcross | 34 |
| Welbedacht | 52 |
| Ander | 71 |
| TOTAAL | 615 |

Die veldondersoek het in September 1966 plaasgevind.

## 1.4 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

### 1.4.1 Plaas

Hierdie begrip is reeds in paragraaf 1.2 omskryf. Daar kan ook vermeld word dat aangrensende of nie-aangrensende landbou-eenhede as een plaas getel is waar die boerdery op hierdie eenhede onder een gesag gestaan het. Dit bring byvoorbeeld mee dat verskeie nie-aangrensende stukke grond wat gesamentlik deur 'n vader en sy seuns (getroud of ongetroud) bewerk word, as een plaas gereken is mits die boerdery onder gesag van die „patriarg" gestaan het.

1.4.2 Voltydse boer

'n Volwassene wat voltyds boer op grond wat hy, of 'n lid van sy huishouding, besit of huur en die opbrengs verkry ten volle of ten dele aanwend vir eie gebruik of vir dié van sy huishouding, is as 'n voltydse boer beskou. Persone wat vir 'n vasgestelde loon voltyds as landbouers gewerk het, is as arbeiders geklassifiseer en is dus nie as voltydse boere beskou nie. Waar vroue aan bogenoemde kriteria voldoen het, is hulle as voltydse boere beskou.

1.4.3 Deeltydse boer

'n Volwasse man wat 'n beroep beoefen elders as op die plaas waar hy aangetref is maar nogtans gereeld van sy tyd bestee aan die boerdery op die plaas waar hy woonagtig is, is as deeltydse boer beskou mits sy voordele uit laasgenoemde aktiwiteit nie beperk is tot 'n vasgestelde loon nie. Dit is 'n algemene verskynsel dat vroue met die plaaswerk behulpsaam is maar dergelike vroue is nie as deeltydse boere geklassifiseer nie.

1.4.4 Plakkerboer

Die begrip „plakkerboer" en aanverwante aspekte word in hoofstuk 7 toegelig.

# HOOFSTUK 2

## DIE BOERDERYKOMPLEKS: DIE GROOTTE EN DIE BEWONERS

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aspekte soos die grootte van die plase, grondbesit, die getal bewoners en die samestelling van die bewoners kortliks bespreek.

2.2 GROOTTE

2.2.1 Grootte van boerderykomplekse

Die oppervlaktes wat die 615 boerderykomplekse wat by die ondersoek betrek is, beslaan, word in onderstaande tabel aangedui.

TABEL 2.1

GROOTTES VAN BOERDERYKOMPLEKSE

| Akker | G | % | Akker | G | % |
|---|---|---|---|---|---|
| Kleiner as 1 | 73 | 11.9 | 13 - 13.9 | 4 | 0.7 |
| 1 - 1.9 | 103 | 16.7 | 14 - 14.9 | 4 | 0.7 |
| 2 - 2.9 | 83 | 13.5 | 15 - 19 | 16 | 2.6 |
| 3 - 3.9 | 42 | 6.8 | 20 - 24 | 22 | 3.6 |
| 4 - 4.9 | 28 | 4.6 | 25 - 29 | 11 | 1.8 |
| 5 - 5.9 | 64 | 10.4 | 30 - 39 | 9 | 1.5 |
| 6 - 6.9 | 27 | 4.4 | 40 - 49 | 4 | 0.7 |
| 7 - 7.9 | 18 | 2.9 | 50 - 74 | 13 | 2.1 |
| 8 - 8.9 | 17 | 2.8 | 75 - 99 | 2 | 0.3 |
| 9 - 9.9 | 9 | 1.5 | 100 - 149 | 6 | 1.0 |
| 10 -10.9 | 30 | 4.9 | 150 - 199 | 4 | 0.7 |
| 11 -11.9 | 12 | 2.0 | 200 en groter | 1 | 0.2 |
| 12 -12.9 | 13 | 2.1 | | | |
| | | | TOTAAL | 615 | 100.0 |

Dit blyk duidelik dat die meeste plase, volgens Suid-Afrikaanse standaarde, klein is. Nagenoeg die helfte was kleiner as vier akker.

In totaal het die 615 plase 'n oppervlakte van 6,450 akker beslaaan. Die gemiddelde grootte kom dus op sowat 10.5 akker per boerderykompleks te staan. Aangesien die oppervlakte van slegs sowat sewe persent van die plase nagenoeg die helfte van die totale oppervlakte van al die boerderykomplekse uitmaak, is dit duidelik dat bogenoemde gemiddelde syfer misleidend is. 'n Beter aanduiding van die grootte van die boerderykomplekse word verkry deur die mediaangrootte te bereken. Hierdie syfer kom op slegs 3.2 akker te staan.[1)]

1) Die mediaan verteenwoordig die middelste waarde en verskil dus van die rekenkundige gemiddelde. 'n Mediaangrootte van 3.2 akker beteken dat daar net soveel eenhede groter as 3.2 akker as kleiner as 3.2 akker voorkom.

2.2.2 Grootte bewerk

Tabel 2.2 toon die grootte van die gedeelte van die boerderykomplekse wat onder bewerking is.

TABEL 2.2

GROOTTE VAN BOERDERYKOMPLEKSE BEWERK

| Akker | G | % |
|---|---|---|
| Kleiner as 1 | 106 | 17.2 |
| 1 - 1.9 | 118 | 19.2 |
| 2 - 2.9 | 85 | 13.8 |
| 3 - 3.9 | 54 | 8.9 |
| 4 - 4.9 | 29 | 4.7 |
| 5 - 5.9 | 52 | 8.5 |
| 6 - 6.9 | 18 | 2.9 |
| 7 - 7.9 | 18 | 2.9 |
| 8 - 8.9 | 15 | 2.4 |
| 9 - 9.9 | 7 | 1.1 |
| 10 - 10.9 | 21 | 3.4 |
| 11 - 11.9 | 7 | 1.1 |
| 12 - 12.9 | 7 | 1.1 |
| 13 - 13.9 | 6 | 1.0 |
| 14 - 14.9 | 4 | 0.7 |
| 15 - 19 | 15 | 2.4 |
| 20 - 24 | 16 | 2.6 |
| 25 - 29 | 5 | 0.8 |
| 30 - 39 | 8 | 1.3 |
| 40 - 49 | 8 | 1.3 |
| 50 - 74 | 9 | 1.4 |
| 75 - 99 | 3 | 0.5 |
| 100 - 199 | 3 | 0.5 |
| 200 en groter | 1 | 0.2 |
| TOTAAL | 615 | 100.0 |

Van die 6,450 akker wat deur die boerderykomplekse beslaan word, word 4,380 akker, of 67.9 persent van die totale oppervlakte, bewerk. Die gemiddelde grootte van die bewerkte grond is op 7.1 akker en die mediaangrootte op sowat 3.0 akker bereken.

2.2.3 Grootte bykomend bewerkbaar

Soos uit voorgaande gegewens blyk, word alle grond op die boerderykomplekse nie vir boerderydoeleindes aangewend nie. Alle dergelike grond kan natuurlik nie sodanig aangewend word nie omdat woonhuise en ander geboue ruimte in beslag neem en daar ook soms grondoppervlaktes voorkom wat weens die aard daarvan nie vir boerderydoeleindes aangewend kan word nie.

Ten einde 'n aanduiding te kan verkry van die moontlikhede vir horisontale uitbreiding, is die informante versoek om aan te dui watter oppervlaktes addisioneel bewerkbaar is. Die responsies op hierdie vraag verskyn in tabel 2.3.

TABEL 2.3

GROOTTE BYKOMEND BEWERKBAAR

| Akker | G | % |
|---|---|---|
| Geen | 427 | 69.4 |
| Kleiner as 1 | 26 | 4.2 |
| 1 - 1.9 | 28 | 4.6 |
| 2 - 2.9 | 29 | 4.7 |
| 3 - 3.9 | 20 | 3.2 |
| 4 - 4.9 | 16 | 2.6 |
| 5 - 5.9 | 16 | 2.6 |
| 6 - 6.9 | 8 | 1.3 |
| 7 - 7.9 | 8 | 1.3 |
| 8 - 8.9 | 1 | 0.2 |
| 9 - 9.9 | 1 | 0.2 |
| 10 - 10.9 | 7 | 1.1 |
| 11 - 11.9 | - | - |
| 12 - 12.9 | 3 | 0.5 |
| 13 - 13.9 | 3 | 0.5 |
| 14 - 14.9 | 2 | 0.3 |
| 15 - 19 | 6 | 1.0 |
| 20 - 24 | 3 | 0.5 |
| 25 - 29 | 1 | 0.2 |
| 30 - 39 | - | - |
| 40 - 49 | 1 | 0.2 |
| 50 - 74 | 3 | 0.5 |
| 75 - 99 | 3 | 0.5 |
| 100 en meer | 3 | 0.5 |
| TOTAAL | 615 | 100.0 |

Op die meeste plase word daar nie oppervlaktes wat bykomend vir boerderydoeleindes aangewend kan word, aangetref nie.

2.2.4 <u>Grootte onder droëlandbewerking en onder besproeiing</u>

Vervolgens word gelet op die oppervlakte onder droëlandbewerking en besproeiing onderskeidelik.

TABEL 2.4

GROOTTE ONDER DROëLANDBEWERKING EN ONDER BESPROEIING

| Akker | Boerderykomplekse | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Droëland | | Besproeiing | |
| | G | % | G | % |
| Kleiner as 1 | 58 | 13.1 | 53 | 27.6 |
| 1 - 1.9 | 74 | 16.7 | 43 | 22.4 |
| 2 - 2.9 | 52 | 11.7 | 36 | 18.7 |
| 3 - 3.9 | 43 | 9.7 | 15 | 7.8 |
| 4 - 4.9 | 25 | 5.6 | 8 | 4.2 |
| 5 - 5.9 | 39 | 8.8 | 15 | 7.8 |
| 6 - 6.9 | 17 | 3.8 | 4 | 2.1 |
| 7 - 7.9 | 16 | 3.6 | 3 | 1.6 |
| 8 - 8.9 | 12 | 2.7 | 2 | 1.0 |
| 9 - 9.9 | 8 | 1.8 | 1 | 0.5 |
| 10 - 10.9 | 18 | 4.1 | 4 | 2.1 |
| 11 - 11.9 | 5 | 1.1 | 1 | 0.5 |
| 12 - 19 | 28 | 6.3 | 3 | 1.6 |
| 20 - 24 | 12 | 2.7 | 1 | 0.5 |
| 25 en groter | 36 | 8.1 | 3 | 1.6 |
| TOTAAL | 443 | 100.0 | 192 | 100.0 |

Uit bogenoemde tabel is dit reeds duidelik dat die oppervlaktes van die plase wat vir droëlandboerdery aangewend word, in die algemeen groter is as die oppervlaktes wat beslaan word deur besproeiingslande.

Op 443 boerderykomplekse word 3,740 akker onder droëlandtoestande be-werk en op 192 boerderykomplekse is 640 akker onder besproeiing. Die totale getal plase hierbo vermeld, kom op meer as 615 (die totale getal by die ondersoek betrek) te staan omdat droëland- sowel as besproeiingsboerdery op sommige plase voorkom.

Die gemiddelde oppervlakte wat deur die droëlande beslaan word, kom op 8.4 akker per boerderykompleks te staan en die mediaangrootte is op 3.9 akker bereken. Die ooreenstemmende syfers ten opsigte van besproeiingsgrond kom op 3.3 en 2.0 akker respektiewelik te staan.

## 2.3 OKKUPASIEREG

Die totale oppervlakte van die 615 plase beloop 6,450 akker. Hiervan is 4,340 akker wat in 267[1] plase verdeel is, die eiendom van die okkupeerders terwyl 2,110 akker, wat in 380[1] boerderykomplekse verdeel is, deur die okkupeerders gehuur word. Nagenoeg twee derdes van die grond word dus deur die okkupeerders besit en sowat 'n derde word gehuur.

1) Aangesien sommige boerderykomplekse uit grond wat deur die okkupeerders besit word sowel as gehuurde grond bestaan, kom die totale (267 en 380) nie op 615 (die totale getal plase wat by die ondersoek betrek is) te staan nie. Twee en dertig van die plase word deur die bewoners deels besit en deels gehuur terwyl 235 besit en 348 gehuur word.

TABEL 2.5

OKKUPASIEREG VOLGENS GROOTTE VAN BOERDERYKOMPLEKS

| Akker | Okkupasiereg | | | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Besit | | Huur | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Kleiner as 5 | 115 | 35.0 | 214 | 65.0 | 329 | 100.0 |
| 5 - 9 | 57 | 42.2 | 78 | 57.8 | 135 | 100.0 |
| 10 - 14 | 29 | 46.0 | 34 | 54.0 | 63 | 100.0 |
| 15 - 19 | 10 | 62.5 | 6 | 37.5 | 16 | 100.0 |
| 20 - 29 | 25 | 75.8 | 8 | 24.2 | 33 | 100.0 |
| 30 en groter | 31 | 79.5 | 8 | 20.5 | 39 | 100.0 |
| Totaal | 267 | 43.4 | 348 | 56.6 | 615 | 100.0 |

Bogenoemde tabel toon dat die meeste klein plase deur die bewoners gehuur word terwyl die meeste groot plase die besitting van die okkupeerders is.

TABEL 2.6

TOTALE GETAL EIENAAR-OKKUPEERDERS VAN BOERDERYKOMPLEKSE

| Getal eienaars per boerderykompleks | Getal boerdery-komplekse | | Totale getal eienaars | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| 1 | 239 | 89.5 | 239 | 69.9 |
| 2 | 5 | 1.9 | 10 | 2.9 |
| 3 | 7 | 2.6 | 21 | 6.1 |
| 4 | 8 | 3.0 | 32 | 9.4 |
| 5 | 8 | 3.0 | 40 | 11.7 |
| TOTAAL | 267 | 100.0 | 342 | 100.0 |

Volgens tabel 2.6 is op verreweg die meeste plase wat deur die okkupeerders besit word, slegs een eienaar aangetref. Op nagenoeg 10 persent van hierdie plase was daar egter meer as een eienaar. Die betrokke 267 plase het 342 eienaars gehad.

## 2.4 DIE BEWONERS VAN DIE BOERDERYKOMPLEKSE

### 2.4.1 Totale getal persone

Tabel 2.7 toon die getal bewoners wat op elk van die 615 plase aangetref is. Slegs Indiërs word in berekening gebring.

In totaal is 6,128 Indiërs op die 615 plase aangetref[1]. Die gemiddelde getal persone per boerderykompleks kom op nagenoeg 10.0 en die mediaan op sowat 10.6 persone per plaas te staan. Dit is opvallend dat op meer as 4.0 persent van die plase minstens 20 persone aangetref is.

1) Al die Indiërs het nie letterlik op die plase self gewoon nie.

TABEL 2.7

GETAL PERSONE PER BOERDERYKOMPLEKS

| Getal persone | G | % | Getal persone | G | % |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 0.3 | 17 | 10 | 1.6 |
| 2 | 11 | 1.8 | 18 | 12 | 2.0 |
| 3 | 11 | 1.8 | 19 | 7 | 1.1 |
| 4 | 23 | 3.7 | 20 | 4 | 0.7 |
| 5 | 31 | 5.0 | 21 | 4 | 0.7 |
| 6 | 55 | 8.9 | 22 | 2 | 0.3 |
| 7 | 67 | 10.9 | 23 | 3 | 0.5 |
| 8 | 75 | 12.2 | 24 | 4 | 0.7 |
| 9 | 62 | 10.1 | 25 | 1 | 0.2 |
| 10 | 47 | 7.6 | 26 | 2 | 0.3 |
| 11 | 51 | 8.3 | 27 | - | - |
| 12 | 35 | 5.7 | 28 | - | - |
| 13 | 31 | 5.0 | 29 | 2 | 0.3 |
| 14 | 28 | 4.6 | 30 | 1 | 0.2 |
| 15 | 17 | 2.8 | 31 | 1 | 0.2 |
| 16 | 15 | 2.4 | 38 | 1 | 0.2 |
| | | | TOTAAL | 615 | 100.0 |

2.4.2 <u>Klassifikasie van bewoners</u>

Die 6,128 Indiërs wat op die boerderykomplekse aangetref is, word in onderstaande tabel volgens geslag en beroepstatus ingedeel.

TABEL 2.8

TOTALE BEVOLKING OP BOERDERYKOMPLEKSE AANGETREF VOLGENS GESLAG

| Bevolking | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Kinders onder 7 jaar* | 616 | 19.3 | 574 | 19.5 | 1,190 | 19.4 |
| Kinders 7 - 15 jaar* | 703 | 22.1 | 704 | 23.9 | 1,407 | 23.0 |
| Voltydse boere | 492 | 15.4 | 134 | 4.6 | 626 | 10.2 |
| Deeltydse boere** | 95 | 3.0 | - | - | 95 | 1.6 |
| Voltyds elders geëmplojeerd | 933 | 29.3 | 14 | 0.5 | 947 | 15.5 |
| Ander, bv. studente, pensioentrekkers, huisvroue en werkloses | 349 | 10.9 | 1,514 | 51.5 | 1,863 | 30.4 |
| TOTAAL | 3,188 | 100.0 | 2,940 | 100.0 | 6,128 | 100.0 |

* <u>Alle</u> persone jonger as 15 jaar is in hierdie twee groepe ingedeel afgesien van die feit of hulle met die boerdery behulpsaam is al dan nie.

** Hoewel vroue dikwels met die boerdery behulpsaam was, is hulle nooit as deeltydse boere geklassifiseer nie. (Kyk omskrywing van begrip, afdeling 1.4.3)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL



Veral opvallend is die feit dat 29.3 persent van die manlike bewoners elders as op die plase self, geëmplojeer is. Hierteenoor is slegs 15.4 persent as voltydse boere en 'n verdere 3.0 persent as deeltydse boere geklassifiseer. Hiervan kan afgelei word dat 'n groot deel van die bewoners van die plase in die ondersoekgebied nie 'n bestaan maak - of 'n bestaan kan maak - uit slegs die boerdery nie.

Slegs 'n geringe persentasie van die vroue (4.6%) is as voltydse boere ingedeel. Die persentasie wat nie op die boerderykomplekse self werksaam is nie, is onbenullig. Dit beteken nie - soos die Westerling mag dink - dat die ekonomiese posisie van die betrokke bewoners sodanig is dat vroue nie hoef te gaan werk nie. Die Indiërvrou, met die uitsondering van diegene met hoë kwalifikasies, se plek is in die huis en die toetrede van vroue tot die ope arbeidsmark word, oor die algemeen, nie deur die gemeenskap goedgekeur nie.

Die mans wat voltyds elders as op die plase self geëmplojeer word, word vervolgens in tabel 2.9 volgens die grootte van die plase ingedeel.

TABEL 2.9

GETAL MANS VOLTYDS ELDERS GEËMPLOJEER VOLGENS GROOTTE VAN BOERDERYKOMPLEKS

| | Getal voltyds elders geëmplojeer | | | | | | | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | | 1 | | 2-3 | | 4-7 | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Kleiner as 2 | 37 | 21.8 | 53 | 31.2 | 70 | 41.2 | 10 | 5.9 | 170 | 100.0 |
| 2 - 4 | 39 | 24.8 | 50 | 31.8 | 53 | 33.8 | 15 | 9.6 | 157 | 100.0 |
| 5 - 9 | 32 | 23.9 | 43 | 32.1 | 51 | 38.1 | 8 | 6.0 | 134 | 100.0 |
| 10 - 19 | 31 | 37.8 | 16 | 19.5 | 26 | 31.7 | 9 | 11.0 | 82 | 100.0 |
| 20 en groter | 23 | 31.9 | 22 | 30.6 | 20 | 27.8 | 7 | 9.7 | 72 | 100.0 |
| Totaal | 162 | 26.3 | 184 | 29.9 | 220 | 35.8 | 49 | 8.0 | 615 | 100.0 |

Dit is veral opvallend dat op nagenoeg 80 persent van die kleinste boerderykomplekse (kleiner as 2 akker), mans aangetref is wat voltyds elders werk. Die ooreenstemmende persentasies is kleiner by die groter as die kleiner plase maar selfs op verreweg die meeste van die grootste plase (20 akker en groter) word mans aangetref wat voltyds elders werk.

Ten slotte word aangedui hoeveel werklose mans op die boerderykomplekse aangetref is.

TABEL 2.10

GETAL WERKLOSES VOLGENS GROOTTE VAN DIE BOERDERYKOMPLEKS

| Akker | Getal werklose mans | | | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1-3 | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Kleiner as 2 | 153 | 90.0 | 17 | 10.0 | 170 | 100.0 |
| 2 - 4 | 143 | 91.1 | 14 | 8.9 | 157 | 100.0 |
| 5 - 9 | 124 | 92.5 | 10 | 7.5 | 134 | 100.0 |
| 10 - 19 | 75 | 91.5 | 7 | 8.5 | 82 | 100.0 |
| 20 en groter | 66 | 91.7 | 6 | 8.3 | 72 | 100.0 |
| Totaal | 561 | 91.2 | 54 | 8.8 | 615 | 100.0 |

Werklose mans is op 8.8 persent van die plase aangetref.

# HOOFSTUK 3

# DIE BOERDERYKOMPLEKS: EKONOMIESE ASPEKTE

## 3.1 INLEIDING

Vervolgens word die aandag in hierdie hoofstuk gevestig op die produkte wat verbou word, die inkomste wat uit die boerdery verkry word en ander aanverwante aspekte soos byvoorbeeld die gebruik van bemestingstowwe en die gebruikmaking van gehuurde arbeid.

## 3.2 DIE HOOFPRODUK

Daar is vasgestel wat die belangrikste boerderyaktiwiteit is en wat as die tweede belangrikste soort boerdery beskou word. Die „hoofproduk" en die „tweede hoofproduk" word in onderstaande tabel aangedui.

TABEL 3.1

SOORT HOOFPRODUK

| Soort | Hoofproduk | | Tweede hoofproduk | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| Groente | 309 | 50.2 | 92 | 15.0 |
| Piesangs | 232 | 37.7 | 30 | 4.9 |
| Ander vrugte | 13 | 2.1 | 38 | 6.2 |
| Gemmer | 4 | 0.7 | 4 | 0.7 |
| Blomme | 53 | 8.6 | 34 | 5.5 |
| Koffie | 1 | 0.2 | - | - |
| Speserye | 3 | 0.5 | - | - |
| Slegs een produk | - | - | 417 | 67.8 |
| TOTAAL | 615 | 100.0 | 615 | 100.0 |

Dit blyk dat groente- of piesangboerdery die hoofaktiwiteit op verreweg die meeste van die boerderykomplekse is.

Op nagenoeg twee derdes van die plase word slegs met een produk geboer en is daar dus nie sprake van 'n „tweede hoofproduk" nie. Waar daar wel sprake van 'n „tweede hoofproduk" is, is hierdie produk meesal groente, piesangs, ander vrugte as piesangs of blomme.

Die relatiewe belangrikheid van die verskillende soorte produkte wat verbou word, kan ook uit tabel 3.2 afgelei word. Dit blyk onder andere dat op slegs 34.8 persent van die plase nie met groente geboer word nie terwyl die opbrengs uit groente op 49.5 persent van die plase minstens die helfte van die totale inkomste uit die boerdery lewer.

TABEL 3.2

BREUK VAN TOTALE INKOMSTE VERKRY UIT ELKE PRODUK

| Produk | Breuk | | | | | | | | | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | Minder as $\frac{1}{4}$ | | $\frac{1}{4}$ - $\frac{1}{2}$ | | $\frac{1}{2}$ - $\frac{3}{4}$ | | $\frac{3}{4}$ en meer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Groente | 214 | 34.8 | 82 | 13.3 | 15 | 2.4 | 17 | 2.8 | 287 | 46.7 | 615 | 100.0 |
| Piesangs | 357 | 58.0 | 24 | 3.9 | 7 | 1.1 | 22 | 3.6 | 205 | 33.3 | 615 | 100.0 |
| Ander vrugte | 554 | 90.1 | 43 | 7.0 | 6 | 1.0 | 5 | 0.8 | 7 | 1.1 | 615 | 100.0 |
| Gemmer | 606 | 98.5 | 5 | 0.8 | - | - | - | - | 4 | 0.7 | 615 | 100.0 |
| Blomme | 517 | 84.1 | 33 | 5.4 | 11 | 1.8 | 4 | 0.7 | 50 | 8.1 | 615 | 100.0 |
| Koffie | 614 | 99.8 | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.2 | 615 | 100.0 |
| Ander | 611 | 99.3 | 1 | 0.2 | - | - | 2 | 0.3 | 1 | 0.2 | 615 | 100.0 |

TABEL 3.3

GROOTTE ONDER HOOFPRODUK

| Hoofproduk | Akker | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Kleiner as 2 | | 2 - 4 | | 5 - 9 | | 10 - 19 | | 20 - 49 | | 50 en groter | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Groente | 208 | 79.0 | 66 | 44.6 | 21 | 19.8 | 13 | 24.5 | 1 | 3.3 | - | - | 309 | 50.2 |
| Piesangs | 21 | 8.0 | 59 | 40.0 | 75 | 70.8 | 37 | 69.8 | 28 | 93.3 | 12 | 80.0 | 232 | 37.7 |
| Ander | 34 | 13.0 | 23 | 15.5 | 10 | 9.4 | .3 | 5.7 | 1 | 3.3 | 3 | 20.0 | 74 | 12.0 |
| TOTAAL | 263 | 100.0 | 148 | 100.0 | 106 | 100.0 | 53 | 100.0 | 30 | 100.0 | 15 | 100.0 | 615 | 100.0 |

Ten slotte word die hoofproduk ontleed volgens die grootte van die grond wat vir die verbouing van die hoofproduk aangewend word (tabel 3.3). Dit is duidelik dat die groenteboere hul groente gewoonlik op veel kleiner lande kweek as piesangs deur die piesangboere. Hiervan kan ook afgelei word dat die boere wat plase van beperkte grootte tot hul beskikking het hoofsaaklik groenteboere is en diegene met groot plase hoofsaaklik met piesangs boer.

3.3 VOOR- EN AGTERUITGANG IN 'N TYDPERK VAN TWEE JAAR

Ten einde 'n ruwe aanduiding te verkry van vooruitgang - of andersins - in die boerdery oor 'n spesifieke tydperk, is die informante versoek om aan te dui of daar tydens die opname 'n groter oppervlakte gebruik word vir die verbouing van die hoofproduk as twee jaar tevore en of die inkomste verkry uit die verkoop van die hoofproduk in die betrokke tydperk toegeneem het al dan nie.

Die responsies wat verkry is op die eersgenoemde van bogenoemde vrae word in tabel 3.4 uiteengesit.

Die tabel toon dat op meer as driekwart van die plase daar in hierdie opsig weinig of geen verandering voorgekom het nie. Op 11.9 persent van die plase was die oppervlakte waarop die hoofproduk verbou word kleiner as twee jaar tevore en in die geval van 6.8 persent van die boerderykomplekse groter.

TABEL 3.4

OPPERVLAKTE TANS ONDER HOOFPRODUK VERGELEKE MET DIé VAN TWEE JAAR TEVORE

| Hoofproduk | Min of meer dieselfde | | Kleiner | | Groter | | Boer nie 2j. nie | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Groente | 259 | 83.8 | 31 | 10.0 | 11 | 3.6 | 8 | 2.6 | 309 | 100.0 |
| Piesangs | 163 | 70.3 | 33 | 14.2 | 26 | 11.2 | 10 | 4.3 | 232 | 100.0 |
| Ander vrugte | 7 | 53.8 | 4 | 30.8 | 1 | 7.7 | 1 | 7.7 | 13 | 100.0 |
| Gemmer | 4 | 100.0 | - | - | - | - | - | - | 4 | 100.0 |
| Blomme | 46 | 86.8 | 5 | 9.4 | 2 | 3.8 | - | - | 53 | 100.0 |
| Koffie | - | - | - | - | 1 | 100.0 | - | - | 1 | 100.0 |
| Ander | 2 | 66.7 | - | - | 1 | 33.3 | - | - | 3 | 100.0 |
| Totaal | 481 | 78.2 | 73 | 11.9 | 42 | 6.8 | 19 | 3.1 | 615 | 100.0 |

Tabel 3.5 toon hoe die huidige opbrengs uit die hoofproduk verskil van dié van twee jaar tevore.

TABEL 3.5

HUIDIGE OPBRENGS UIT HOOFPRODUK VERGELEKE MET DIé VAN TWEE JAAR TEVORE

| Hoofproduk | Min of meer dieselfde | | Kleiner | | Groter | | Boer nie 2j. nie | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Groente | 184 | 59.5 | 96 | 31.3 | 21 | 6.8 | 8 | 2.6 | 309 | 100.0 |
| Piesangs | 108 | 46.6 | 85 | 36.6 | 29 | 12.5 | 10 | 4.3 | 232 | 100.0 |
| Ander vrugte | 3 | 23.1 | 8 | 61.5 | 1 | 7.7 | 1 | 7.7 | 13 | 100.0 |
| Gemmer | 4 | 100.0 | - | - | - | - | - | - | 4 | 100.0 |
| Blomme | 33 | 62.3 | 18 | 34.0 | 2 | 3.8 | - | - | 53 | 100.0 |
| Koffie | - | - | - | - | 1 | 100.0 | - | - | 1 | 100.0 |
| Ander | 1 | 33.3 | 1 | 33.3 | 1 | 33.3 | - | - | 3 | 100.0 |
| Totaal | 333 | 54.1 | 208 | 33.8 | 55 | 8.9 | 19 | 3.1 | 615 | 100.0 |

Volgens die tabel was die opbrengs tydens die opname op 54.1 persent van die plase nagenoeg dieselfde as twee jaar tevore, op 33.8 persent was die opbrengs kleiner en op slegs 8.9 persent groter.

Die informante wat aangedui het dat die opbrengs kleiner geword het, is versoek om die hoofrede te verstrek waarom dit die geval is. Nagenoeg twee derdes het die langdurige droogte as belangrikste rede aangevoer, 8.0 persent beweer dat hulle probleme ondervind het om voldoende arbeid te huur, 'n verdere agt persent verklaar dat hulle minder bemestingstowwe gebruik het, nagenoeg vyf persent het skade gely as gevolg van oorstromings en gronderosie en die res het diverse ander redes genoem.

## 3.4 INKOMSTE

Volledigheidsonthalwe is daar gepoog om die netto inkomste uit die boerderye in die jaar wat die ondersoek vooraf gegaan het, te bepaal. Daar moet egter vermeld word dat gegewens op vrae wat oor inkomste, bates en laste handel, dikwels met die grootste huiwering verstrek is en dat daar dikwels getwyfel is aan die akkuraatheid van die inligting wat verskaf is. Die gegewens oor die netto inkomste wat vervolgens aangebied word, kom dus waarskynlik op 'n onderskatting van die werklike posisie neer.

TABEL 3.6

NETTO JAARLIKSE INKOMSTE UIT PLASE VERKRY

| Inkomste | Getal Boerderykomplekse | | Getal boere | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| Verkoop nie | 19 | 3.1 | 26 | 3.6 |
| Verlies | 86 | 14.0 | 96 | 13.3 |
| Minder as R200 | 363 | 59.0 | 386 | 53.5 |
| R200 - 249 | 36 | 5.9 | 40 | 5.5 |
| R250 - 299 | 13 | 2.1 | 18 | 2.5 |
| R300 - 349 | 20 | 3.3 | 30 | 4.2 |
| R350 - 399 | 10 | 1.6 | 12 | 1.7 |
| R400 - 449 | 11 | 1.8 | 15 | 2.1 |
| R450 - 499 | 5 | 0.8 | 6 | 0.8 |
| R500 - 549 | 8 | 1.3 | 12 | 1.7 |
| R550 - 599 | 4 | 0.7 | 8 | 1.1 |
| R600 - 699 | 8 | 1.3 | 14 | 1.9 |
| R700 - 799 | 3 | 0.5 | 3 | 0.4 |
| R800 - 899 | 3 | 0.5 | 4 | 0.6 |
| R900 - 999 | 3 | 0.5 | 4 | 0.6 |
| R1,000 - 1,249 | 11 | 1.8 | 20 | 2.8 |
| R1,250 - 1,499 | 2 | 0.3 | 6 | 0.8 |
| R1,500 - 1,749 | 1 | 0.2 | 2 | 0.3 |
| R1,750 - 1,999 | 2 | 0.3 | 7 | 1.0 |
| R2,000 - 2,499 | 4 | 0.7 | 7 | 1.0 |
| R2,500 - 2,999 | 2 | 0.3 | 4 | 0.6 |
| R3,000 en meer | 1 | 0.2 | 1 | 0.1 |
| TOTAAL | 615 | 100.0 | 721 | 100.0 |

Volgens tabel 3.6 is daar op 3.1 persent van die plase nie gedurende die betrokke tydperk produkte verbou wat vir die mark bestem is nie. Op 14.0 persent het die boerdery op 'n verlies uitgeloop en op 82.9 persent van die boerderykomplekse is daar 'n wins getoon.

Die tabel toon ook, onder andere, dat 72.3 persent van die voltydse en deeltydse[1] boere op plase woon waar die boerdery 'n verlies getoon het of die inkomste in die jaar wat die ondersoek voorafgegaan het op hoogstens R249 te staan gekom het.

Hoewel die bogenoemde gegewens moontlik 'n te swart prentjie van die winsgewendheid van die boerdery skilder, is dit ook die indruk van die beamptes wat met die veldondersoek belas was dat die inkomste wat uit die boerdery verkry word, dikwels laag is. Die volgende redes vir hierdie toestand kan aangevoer word:

(a) Soos reeds in paragraaf 2.2 aangedui, is 'n groot persentasie van die plase baie klein.

(b) Op baie van die plase word ondoeltreffende boerderykmetodes aangetref. In hierdie verband word verderaan in hierdie hoofstuk verwys na die onvoldoende toediening van bemestingstowwe.

(c) 'n Aansienlike persentasie van die opbrengs op heelwat van die plase - en hier word veral aan die groenteplase gedink - word deur die bewoners self verbruik. In hierdie verband moet in gedagte gehou word dat daar gemiddeld nagenoeg 10 Indiërs per boerderykompleks aangetref is en dat die bewerkte grond op sowat die helfte van die plase kleiner as drie akker is.

(d) Dikwels is die boerdery slegs bysaak en is die bewoners grootliks afhanklik van die inkomste van diegene wat elders as op die plase self 'n heenkome gevind het. In paragraaf 2.4.2 is daar reeds op gewys dat daar 933 mans op die 615 plase aangetref is wat elders voltyds geëmplojeer is.

(e) Soos elders in hierdie hoofstuk vermeld, het heelwat boere verliese gely as gevolg van 'n langdurige droogte. Die opname is nie in 'n „normale jaar" gedoen nie.

(f) Boere is aangetref wat erken dat hulle hul boerdery verwaarloos omdat hulle daarvan oortuig is dat hulle binnekort hervestig sal word en dus hul grond sal moet afstaan.

Voorts word die netto inkomste uit die boerdery met die soort boerdery (die hoofproduk) in verband gebring.

TABEL 3.7

HOOFPRODUK VOLGENS INKOMSTE

| Inkomste | Hoofproduk | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Groente | | Piesangs | | Ander | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Verkoop nie | 8 | 2.6 | 9 | 3.9 | 2 | 2.7 | 19 | 3.1 |
| Verlies | 40 | 12.9 | 31 | 13.4 | 15 | 20.3 | 86 | 14.0 |
| Minder as R200 | 205 | 66.3 | 118 | 51.0 | 40 | 54.1 | 363 | 59.0 |
| R200 - 499 | 38 | 12.2 | 43 | 18.5 | 14 | 18.9 | 95 | 15.4 |
| R500 - 999 | 13 | 4.2 | 14 | 6.0 | 2 | 2.7 | 29 | 4.7 |
| R1,000 en meer | 5 | 1.6 | 17 | 7.3 | 1 | 1.4 | 23 | 3.7 |
| TOTAAL | 309 | 100.0 | 232 | 100.0 | 74 | 100.0 | 615 | 100.0 |

1) Soos reeds vermeld, is slegs mans wat deeltyds boer as deeltydse boere ingedeel.

Volgens tabel 3.7 het 'n groter persentasie van die groenteplase as van die piesangplase 'n verlies gely of 'n wins van hoogstens R200 gehad. Die persentasies kom op 79.2 in die geval van groenteplase en 64.4 in die geval van die piesangplase te staan.

Verdere ontledings toon dat op die 86 plase waar die boerdery 'n verlies getoon het, die verlies in nagenoeg twee derdes van die gevalle op minder as R100 gestel is.

## 3.5 BATES EN LASTE

### 3.5.1 Bates

Tabel 3.8 toon die waarde van die grond wat in besit van die bewoners is. Die informante het wat hulle as die markwaarde beskou, verstrek. Aangesien grond skaars word in die Durban-Pinetowngebied - en veral Indiërs dit moeilik vind om landbougrond te bekom - was die waardes wat verstrek is dikwels hoër as wat normaalweg vir landbougrond betaal word.

TABEL 3.8

WAARDE VAN GROND

| Waarde | G | % |
|---|---|---|
| Minder as R1,000 | 19 | 7.1 |
| R 1,000 - 2,999 | 60 | 22.5 |
| R 3,000 - 4,999 | 47 | 17.6 |
| R 5,000 - 9,999 | 56 | 21.0 |
| R10,000 - 14,999 | 34 | 12.7 |
| R15,000 - 19,999 | 12 | 4.5 |
| R20,000 - 29,999 | 17 | 6.4 |
| R30,000 - 39,999 | 9 | 3.4 |
| R40,000 - 49,999 | 3 | 1.1 |
| R50,000 - 74,999 | 6 | 2.2 |
| R75,000 en meer | 4 | 1.5 |
| TOTAAL | 267 | 100.0 |

Onderskeidelik 47.2, 38.2 en 14.6 persent van die plase se waarde (slegs met betrekking tot die grond) is op minder as R5,000, tussen R5,000 en R19,999 en R20,000 of meer geskat. Soos later sal blyk, was enkele van hierdie plase nie ten volle afbetaal nie en het die bewoners nog geld daarop geskuld.

Die informante is ook versoek om aan te dui wat die waarde van woonhuise is wat op die plase geleë is en wat aan hulle behoort (tabel 3.9). Op die 615 boerderykomplekse is 702 dergelike wonings aangetref en waar byvoorbeeld twee huise op een plaas aangetref is, is die twee se gesamentlike waarde aangeteken.

TABEL 3.9

WAARDE VAN WONINGS

| Waarde | G | % |
|---|---|---|
| Geen woning | 50 | 8.1 |
| Minder as R1,000 | 348 | 56.6 |
| R1,000 - 1,999 | 83 | 13.5 |
| R2,000 - 2,999 | 38 | 6.2 |
| R3,000 - 3,999 | 23 | 3.7 |
| R4,000 - 4,999 | 21 | 3.4 |
| R5,000 - 5,999 | 7 | 1.1 |
| R6,000 - 6,999 | 14 | 2.3 |
| R7,000 - 7,999 | 4 | 0.7 |
| R8,000 - 8,999 | 11 | 1.8 |
| R9,000 - 9,999 | 2 | 0.3 |
| R10,000 en meer | 14 | 2.3 |
| TOTAAL | 615 | 100.0 |

Eerstens blyk dit dat op slegs 8.1 persent van die boerderykomplekse geen wonings aangetref is wat aan die bewoners behoort nie. Aangesien 'n veel groter persentasie (as bogenoemde) van die plase gehuur word, is dit duidelik dat tydelike strukture wat as woonhuise dien, dikwels deur die bewoners opgerig word op grond wat nie aan hulle behoort nie.

Tweedens is dit opvallend dat meer as die helfte van die woonhuise deur die bewoners op minder as R1,000 gewaardeer word. Een rede vir die lae waardasies is die feit dat heelwat van die wonings slegs tydelike strukture is (kyk hoofstuk 4).

Soos in onderstaande tabel aangedui, word verbeterings (wonings is uitgesluit) baie selde op die plase aangetref. Met verbeterings word, onder andere, pakhuise en damme bedoel.

TABEL 3.10

WAARDE VAN VERBETERINGS

| Waarde | G | % |
|---|---|---|
| Geen | 602 | 97.9 |
| Minder as R250 | 7 | 1.1 |
| R250 - 499 | 2 | 0.3 |
| R500 - 999 | 2 | 0.3 |
| R1,000 en meer | 2 | 0.3 |
| TOTAAL | 615 | 100.0 |

Verbeterings is op slegs nagenoeg twee persent van die plase aangetref. Waar verbeterings wel aangetref word, is die waarde daarvan meesal op minder as R250 geraam.

Alvorens na die waarde van die roerende eiendom verwys word, word die geskatte totale waarde van veste eiendom (die waarde van

grond, wonings en verbeterings tesame) in tabel 3.11 getoon.

TABEL 3.11

WAARDE VAN VASTE EIENDOM

| Waarde | G | % |
|---|---|---|
| Geen | 43 | 7.0 |
| Minder as R250 | 108 | 17.6 |
| R250 - 499 | 78 | 12.7 |
| R500 - 749 | 58 | 9.4 |
| R750 - 999 | 17 | 2.8 |
| R1,000 - 1,499 | 33 | 5.4 |
| R1,500 - 1,999 | 13 | 2.1 |
| R2,000 - 2,999 | 31 | 5.0 |
| R3,000 - 3,999 | 24 | 3.9 |
| R4,000 - 4,999 | 24 | 3.9 |
| R5,000 - 7,499 | 48 | 7.8 |
| R7,500 - 9,999 | 30 | 4.9 |
| R10,000 - 14,999 | 43 | 7.0 |
| R15,000 - 19,999 | 14 | 2.3 |
| R20,000 - 29,999 | 23 | 3.7 |
| R30,000 - 39,999 | 11 | 1.8 |
| R40,000 - 49,999 | 5 | 0.8 |
| R50,000 - 74,999 | 8 | 1.3 |
| R75,000 - 99,999 | 3 | 0.5 |
| R100,000 en meer | 1 | 0.2 |
| TOTAAL | 615 | 100.0 |

Op 7.0 persent van die plase het die bewoners geen vaste eiendom besit nie, op 42.5 persent is die waarde van vaste eiendom op onder R1,000 gestel, op 20.3 persent tussen R1,000 en R4,999, op 12.7 persent tussen R5,000 en R9,999, op 9.3 persent tussen R10,000 en R19,999 terwyl op 8.3 persent van die plase die bewoners die waarde van hul vaste eiendom op minstens R20,000 gestel het.

Die waarde van roerende eiendom word vervolgens aangedui. Persoonlike besittings soos motors, radio's en meubels is nie in berekening gebring nie maar wel toebehore wat vir boerderydoeleindes aangewend word soos ploeë, pompe, „plaasgereedskap", en so meer.

TABEL 3.12

WAARDE VAN ROERENDE EIENDOM

| Waarde | G | % |
|---|---|---|
| Minder as R100 | 451 | 73.3 |
| R100 - 499 | 68 | 11.1 |
| R500 - 999 | 44 | 7.2 |
| R1,000 - 1,999 | 28 | 4.6 |
| R2,000 - 2,999 | 13 | 2.1 |
| R3,000 - 3,999 | 7 | 1.1 |
| R4,000 en meer | 4 | 0.7 |
| TOTAAL | 615 | 100.0 |

Volgens tabel 3.12 het die informante die waarde van hul roerende eiendom op bykans driekwart van die plase op minder as R100 geraam. In baie gevalle was die roerende eiendom beperk tot enkele stukke handgereedskap soos grawe en pikke.

### 3.5.2 Laste

Weinig van die boere het skuld ten opsigte van hul grond, wonings, verbeterings of roerende goedere wat vir die boerdery aangewend word, gehad: Op slegs 2.8 persent van die plase was daar 'n verband op die grond, op slegs 1.0 persent was daar skuld ten opsigte van wonings, op slegs 0.2 persent (een geval) was daar skuld ten opsigte van verbeterings terwyl op slegs 2.9 persent van die plase die bewoners geld geskuld het ten opsigte van roerende eiendom wat aangekoop is.

Tabel 3.13 toon die totale bedrag ten opsigte van bogenoemde items tesame aan.

TABEL 3.13

LASTE

| Bedrag | G | % |
|---|---|---|
| Geen | 575 | 93.5 |
| Minder as R500 | 17 | 2.8 |
| R500 - 999 | 6 | 1.0 |
| R1,000 - 1,999 | 9 | 1.5 |
| R2,000 - 4,999 | 6 | 1.0 |
| R5,000 en meer | 2 | 0.3 |
| TOTAAL | 615 | 100.0 |

Dit blyk dat op 93.5 persent van die plase die bewoners geen laste ten opsigte van die betrokke items gehad het nie. In die geval van 2.8 persent van die plase, het die laste van die bewoners op meer as R1,000 te staan gekom.

## 3.6 DIE GEBRUIK VAN BEMESTINGSTOWWE

Die soorte bemesting wat op die plase gebruik word, word in tabel 3.14 ontleed.

TABEL 3.14

BEMESTINGSTOWWE

| Soort | G | % |
|---|---|---|
| Geen | 104 | 16.9 |
| Kraalmis | 27 | 4.4 |
| Hoendermis | 9 | 1.5 |
| Kunsmis | 375 | 61.0 |
| Kraalmis en hoendermis | 1 | 0.2 |
| Kraalmis en kunsmis | 73 | 11.9 |
| Hoendermis en kunsmis | 12 | 2.0 |
| Kraalmis, hoendermis en kunsmis | 14 | 2.3 |
| TOTAAL | 615 | 100.0 |

Volgens die tabel word op 16.9 persent van die plase hoegenaamd geen bemestingstowwe gebruik nie, op 61.0 persent slegs kunsmis en op die res kraalmis, hoendermis en kombinasies van laasgenoemde twee bemestingstowwe en kunsmis.

Die hoeveelheid kunsmis wat gebruik word, word in tabel 3.15 aangedui.

TABEL 3.15

HOEVEELHEID KUNSMIS GEBRUIK

| Gewig | G | % |
|---|---|---|
| Geen | 141 | 22.9 |
| Minder as 500lb. | 57 | 9.3 |
| 500 - 900lb. | 76 | 12.4 |
| 1,000 - 1,999lb. | 84 | 13.7 |
| 1 - 2 ton | 174 | 28.3 |
| 3 - 9 ton | 67 | 10.9 |
| 10 ton en meer | 16 | 2.6 |
| TOTAAL | 615 | 100.0 |

Op 77.1 persent van die plase word daar wel van kunsmis gebruik gemaak. Op dié plase waar daar van kunsmis gebruik gemaak word, word in net meer as die helfte van die gevalle minstens een ton per jaar aangewend.

TABEL 3.16

HOEVEELHEDE KRAALMIS EN HOENDERMIS GEBRUIK

| Gewig | Kraalmis | | Hoendermis | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| Geen | 500 | 81.3 | 579 | 94.1 |
| Minder as 5 ton | 62 | 10.1 | 13 | 2.1 |
| 5 - 49 ton | 31 | 5.0 | 12 | 2.0 |
| 50 ton en meer | 22 | 3.6 | 11 | 1.8 |
| TOTAAL | 615 | 100.0 | 615 | 100.0 |

Volgens tabel 3.16 word daar op veel minder plase van kraal- en hoendermis as van kunsmis gebruik gemaak. Waar daar egter van kraal- en hoendermis gebruik gemaak word, word veel groter hoeveelhede aangewend as in die geval van kunsmis.

In totaal word nagenoeg 3,365 ton kraalmis, 1,175 ton hoendermis èn 858 ton kunsmis per jaar gebruik. Indien die plase waarop geen bemesting aangewend word nie buite rekening gelaat word, word gemiddeld 0.8 ton kraalmis, 0.3 ton hoendermis en 0.2 ton kunsmis per akker toegedien.

Die behoefte aan bemestingstowwe wissel natuurlik van plaas tot plaas en faktore soos die soort boerdery en die gesteldheid van die grond speel 'n rol. Nogtans is 'n outoriteit se mening verkry wat daarop dui dat die aanwending van bemestingstowwe moontlik te laag

vir die streek is. Dit is in elk geval duidelik dat alle landbougrond in die ondersoekgebied bemestingstowwe benodig en dus ook op die 104 plase (kyk tabel 3.14) waar geen bemestingstowwe toegedien word nie.

## 3.7 GEHUURDE ARBEID

Tydens die opname is daar 264 Bantoes (135 mans en 129 vroue) aangetref wat voltyds as landbouwerkers op die plase werksaam was en 36 Indiërs (27 mans en 9 vroue) wat in dieselfde hoedanigheid geëmplojeer was. Hiervolgens is dit duidelik dat op die meeste plase daar nie van dergelike arbeid gebruik gemaak word nie.

Op 147 van die plase word Bantoemans tydelik in diens geneem as drukke werksomstandighede dit vereis. Op 39.5 persent van hierdie plase word Bantoemans gewoonlik vir hoogstens 24 mandae per jaar in diens geneem en op 31.3 en 29.3 persent vir vanaf 25 tot 99 mandae en 100 mandae en meer respektiewelik. Op 160 van die plase word daar van kasuele Bantoe vroue-arbeid gebruik gemaak: op 38.8 persent van hierdie plase vir hoogstens 24 mandae, op 21.3 persent van die plase vir van 25 tot 99 mandae en op die res, naamlik 40.0 persent van die plase, word dergelike arbeid vir minstens 100 mandae per jaar gehuur.

Interessantheidsonthalwe kan vermeld word dat manlike Indiërarbeid gewoonlik teen 'n tarief van tussen 60 en 80 sent per dag in diens geneem word terwyl Indiërvroue gewoonlik tussen 40 en 60 sent per dag ontvang. Bantoemans ontvang ook gewoonlik tussen 40 en 60 sent per dag en Bantoevroue vanaf 30 tot 50 sent per dag. Daar is gewoonlik geen of weinig verskil in die tarief waarteen permanente en kasuele werkers besoldig word.

Die boere beskou Indiërs as die beste landbouwerkers.

## 3.8 BEMARKING

Die responsies op 'n vraag waar die meeste van die produkte wat die plase oplewer van die hand gesit word, verskyn in tabel 3.17.

TABEL 3.17

PLEK VAN BEMARKING VOLGENS HOOFPRODUK

| Plek | Hoofproduk | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Groente | | Piesangs | | Ander | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Koöperasie, fabriek, restaurant, hotel, vrugte- en/of groentehandelaar | 2 | 0.6 | 12 | 5.2 | 4 | 5.4 | 18 | 2.9 |
| Oggendmark („Morning market") | 264 | 85.4 | 189 | 81.5 | 63 | 85.1 | 516 | 83.9 |
| „Squatters market" | 23 | 7.4 | 14 | 6.0 | 4 | 5.4 | 41 | 6.7 |
| Vent en ander maniere | 10 | 3.2 | 10 | 4.3 | 1 | 1.4 | 21 | 3.4 |
| Bemark nie | 10 | 3.2 | 7 | 3.0 | 2 | 2.7 | 19 | 3.1 |
| TOTAAL | 309 | 100.0 | 232 | 100.0 | 74 | 100.0 | 615 | 100.0 |

Volgens die tabel word die meeste produkte op die oggendmark („morning market") en op die „squatters market" verkoop.

# HOOFSTUK 4

# BEHUISING

## 4.1 INLEIDING

Enkele aspekte met betrekking tot die behuising van die betrokke Indiërs word kortliks bespreek.

In totaal is daar 702[1)] wooneenhede op die 615 plase aangetref.

## 4.2 SOORT WONING

In die voorgaande hoofstuk is daar aangedui dat die waarde van die wonings op meer as die helfte van die plase op minder as R1,000 geraam is. Hiervan kan reeds afgelei word dat die algemene behuisingstandaard nie baie hoog kan wees nie.

Tabel 4.1 toon uit watter materiaal die buitemure van die wonings oorwegend bestaan.

TABEL 4.1

MATERIAAL WAARVAN BUITEMURE VAN WONINGS GEMAAK IS

| Materiaal | G | % |
|---|---|---|
| Sinkplaat | 435 | 62.0 |
| Steen en pleister | 224 | 31.9 |
| Steen sonder pleister | 21 | 3.0 |
| Hout | 4 | 0.6 |
| Klip | 5 | 0.7 |
| Blikplaat | 1 | 0.1 |
| Klei of kleistene | 6 | 0.9 |
| Ander materiaal | 6 | 0.9 |
| TOTAAL | 702 | 100.0 |

Verreweg die meeste van die wonings is hoofsaaklik van sinkplaat vervaardig. Slegs nagenoeg 'n derde van die wonings was van baksteen of klip.

1) Soos reeds vermeld, was al die huise nie werklik op die plase self geleë nie. Die wonings van persone wat die plase besit of huur <u>en</u> bewerk, is ook by hierdie getal ingesluit. Op 50 van die plase is geen wonings aangetref nie.

## 4.3 GROOTTE VAN WONINGS

Onderstaande tabel toon die getal woonvertrekke per wooneenheid asook die getal vertrekke (insluitend woonvertrekke) wat as slaapvertrekke aangewend word.[1]

TABEL 4.2

GETAL WOON- EN SLAAPVERTREKKE

| Getal | Woonvertrek | | Slaapvertrek | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| 1 | 19 | 2.7 | 36 | 5.1 |
| 2 | 59 | 8.4 | 166 | 23.6 |
| 3 | 142 | 20.2 | 248 | 35.3 |
| 4 | 200 | 28.5 | 156 | 22.2 |
| 5 | 149 | 21.2 | 57 | 8.1 |
| 6 | 78 | 11.1 | 26 | 3.7 |
| 7 | 31 | 4.4 | 10 | 1.4 |
| 8 | 12 | 1.7 | 2 | 0.3 |
| 9 | 12 | 1.7 | 1 | 0.1 |
| TOTAAL | 702 | 100.0 | 702 | 100.0 |

Volgens tabel 4.2 het nagenoeg 70 persent van die wonings uit minstens vier woonvertrekke bestaan en die wonings is dus nie so klein as wat moontlik op grond van die lae waardasies van die wonings verwag kan word nie. In nagenoeg 80 persent van die wonings word twee tot vier vertrekke as slaapkamers gebruik.

## 4.4 OORBEWONING

Die getal persone per wooneenheid word in tabel 4.3 met die getal vertrekke wat as slaapvertrekke aangewend word, in verband gebring.

Uit die tabel blyk dit eerstens dat daar in onderskeidelik 22 (3.1%), 61 (8.7%), 110 (15.7%), 172 (24.5%), 128 (18.2%) en 209 (29.8%) van die 702 wonings een tot twee, drie tot vier, vyf tot ses, sewe tot agt, nege tot tien, of ten minste elf persone woonagtig is.

Die feit dat heelwat van die wonings oorvol is, kom duidelik na vore as daarop gelet word dat in soveel as 18.8 persent van die wonings waarin nege of tien persone woon, slegs een of twee vertrekke as slaapvertrekke gebruik word.

Tydens die opname is gegewens insake die geslag, ouderdom en huwelikstaat (getroud al dan nie) van die bewoners van elk van die 702 wooneenhede ingewin. Met hierdie gegewens beskikbaar, kan aan die hand van die kriteria wat vir gebruik by die ondersoek na

1) Met woonvertrekke word eetkamers, sitkamers en slaapkamers bedoel en nie byvoorbeeld badkamers en kombuise nie. As slaapvertrekke word alle vertrekke waarin iemand werklik slaap, bedoel. Vertrekke wat as slaapkamers beskou word maar nie as sodanig gebruik word nie, is nie as slaapvertrekke in berekening gebring nie, maar wel as woonvertrekke.

TABEL 4.3

GETAL PERSONE PER SLAAPVERTREK

| Slaap-vertrekke | Getal persone | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1-2 | | 3-4 | | 5-6 | | 7-8 | | 9-10 | | 11 en meer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1 - 2 | 22 | 100.0 | 41 | 67.2 | 50 | 45.5 | 50 | 29.1 | 24 | 18.8 | 15 | 7.2 | 202 | 28.8 |
| 3 - 4 | - | - | 20 | 23.8 | 57 | 51.8 | 109 | 63.4 | 89 | 69.5 | 129 | 61.7 | 404 | 57.5 |
| 5 - 6 | - | - | - | - | 3 | 2.7 | 12 | 7.0 | 12 | 9.4 | 56 | 26.8 | 83 | 11.8 |
| 7 - 9 | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.6 | 3 | 2.3 | 9 | 4.3 | 13 | 1.9 |
| TOTAAL | 22 | 100.0 | 61 | 100.0 | 110 | 100.0 | 172 | 100.0 | 128 | 100.0 | 209 | 100.0 | 702 | 100.0 |

die sosio-ekonomiese posisie van Indiërs in Natal [1] opgestel is, bepaal word wat die minimum getal slaapvertrekke is wat in elke wooneenheid benodig word om die bewoners in staat te stel om die slaapvertrekke op so'n wyse toe te wys dat die kriterium van „gunstige besetting" voldoen word.

Die kriteria is soos volg:

A. Onwenslike geslagsvermenging

Onwenslike geslagsvermenging kom voor waar egpare 'n vertrek deel met enigiemand ouer as twee jaar, of waar persone van teenoorgestelde geslag, wat nie met mekaar getroud is nie en twaalf jaar of ouer is, in een vertrek slaap.

B. Oorvol

'n Slaapkamer is oorvol waar vier of meer persone ouer as twee jaar, of meer as ses persone van enige ouderdom, in een vertrek slaap.

C. Oorvolheid en onwenslike geslagsvermenging

Waar voldoen word aan die kriteria vir oorvolheid en onwenslike geslagsvermenging.

D. Gunstig

Waar nie voldoen word aan die kriteria vir oorvolheid en/of onwenslike geslagsvermenging nie.

In tabel 4.4 word die minimum getal slaapvertrekke benodig volgens die getal slaapvertrekke wat in werklikheid in die wonings aangetref is, ontleed.

Uit die tabel blyk eerstens dat die bewoners van onderskeidelik 29 (4.1%), 131 (18.7%), 276 (39.3%), 170 (24.2%), 66 (9.4%) en 30 (4.3%) wonings een, twee, drie, vier, vyf of ten minste ses slaapvertrekke in hul wonings benodig om in ooreenstemming met die vereistes in die kriteria gehuisves te wees.

Tweedens toon die tabel dat in byvoorbeeld 46.1 persent van die wooneenhede waarin drie slaapvertrekke benodig word, daar drie slaapvetrekke is. In 28.6 persent van hierdie wonings is daar egter slegs een of twee slaapkamers en is die besetting van minstens een van hierdie vertrekke per woning sodanig dat daar nie aan kriterium D („gunstig") voldoen word nie.

In totaal het 33.5 persent van die wonings minder slaapvertrekke gehad as die minimum getal wat volgens die kriteria benodig word.

---

1) S.A. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Nasionale Buro vir opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. Die Sosio-Ekonomiese Posisie van die Indiërbevolking in Natal, deur J.M. Lötter. Pretoria, die Buro, 1966. (Navorsingsreeks nr. 34) bl. 122.

TABEL 4.4

VERTREKKE BENODIG AS SLAAPVERTREKKE VOLGENS KAMERS GEBRUIK AS SLAAPVERTREKKE

| Kamers gebruik | Kamers benodig | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | 7 | | 8 | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1 | 12 | 41.4 | 17 | 13.0 | 6 | 2.2 | 1 | 0.6 | - | - | - | - | - | - | - | - | 36 | 5.1 |
| 2 | 8 | 27.6 | 60 | 45.8 | 73 | 26.4 | 24 | 14.1 | 1 | 1.5 | - | - | - | - | - | - | 166 | 23.6 |
| 3 | 7 | 24.1 | 44 | 33.6 | 129 | 46.7 | 56 | 32.9 | 9 | 13.6 | 3 | 16.7 | - | - | - | - | 248 | 35.3 |
| 4 | 2 | 6.9 | 7 | 5.3 | 54 | 19.6 | 58 | 34.1 | 30 | 45.5 | 4 | 22.2 | 1 | 10.0 | - | - | 156 | 22.2 |
| 5 | - | - | 2 | 1.5 | 9 | 3.3 | 21 | 12.4 | 20 | 30.3 | 2 | 11.1 | 3 | 30.0 | - | - | 57 | 8.1 |
| 6 | - | - | 1 | 0.8 | 4 | 1.4 | 6 | 3.5 | 5 | 7.6 | 5 | 27.8 | 4 | 40.0 | 1 | 50.0 | 26 | 3.7 |
| 7 | - | - | - | - | - | - | 4 | 2.4 | 1 | 1.5 | 4 | 22.2 | 1 | 10.0 | - | - | 10 | 1.4 |
| 8 | - | - | - | - | 1 | 0.4 | - | - | - | - | - | - | 1 | 10.0 | - | - | 2 | 0.3 |
| 9 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 50.0 | 1 | 0.1 |
| TOTAAL | 29 | 100.0 | 131 | 100.0 | 276 | 100.0 | 170 | 100.0 | 66 | 100.0 | 18 | 100.0 | 10 | 100.0 | 2 | 100.0 | 702 | 100.0 |

## 4.5 FASILITEITE

Tabel 4.5 toon in hoe 'n mate die wonings voorsien is van elektriese krag en aangelegde water.

TABEL 4.5

BESKIKBAARHEID VAN ELEKTRISITEIT EN WATER IN DIE WONINGS

| Beskikbaarheid van: | G | % |
|---|---|---|
| Water en elektrisiteit | 114 | 16.2 |
| Slegs water | 163 | 23.2 |
| Slegs elektrisiteit | 9 | 1.3 |
| Geen water of elektrisiteit | 416 | 59.3 |
| TOTAAL | 702 | 100.0 |

Dit blyk dat nagenoeg 60 persent van die wonings nie oor elektriese krag of aangelegde water beskik nie. Aangelegde water sowel as elektriese krag is slegs in 16.2 persent van die wonings aangetref.

Ten einde 'n ruwe aanduiding van die lewenspeil van die bewoners te kan verkry, is verneem hoeveel „huishoudings" oor 'n radio, yskas, telefoon en motorkar[1] beskik. Die posisie ten opsigte van die bewoners van elk van die 702 wonings wat op die boerderykomplekse aangetref is, word afsonderlik aangedui.

TABEL 4.6

BESIT VAN RADIO, YSKAS, TELEFOON EN MOTORKAR DEUR HUISHOUDING

| Beskikbaarheid van: | Ja | | Nee | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Radio | 449 | 64.0 | 253 | 36.0 | 702 | 100.0 |
| Yskas | 62 | 8.8 | 640 | 91.2 | 702 | 100.0 |
| Telefoon | 36 | 5.1 | 666 | 94.9 | 702 | 100.0 |
| Motorkar | 151 | 21.5 | 551 | 78.5 | 702 | 100.0 |

Meer as 60 persent van die huishoudings besit 'n radio, 21.5 persent het 'n motorkar terwyl slegs 'n geringe persentasie 'n yskas besit of 'n telefoon huur.

'n Ondersoek na die sosio-ekonomiese posiesie van Indiërs in Natal[2] het getoon dat onderskeidelik 9.3, 2.1 en 18.1 persent van Indiërhuishoudings op plase en onderskeidelik 23.4, 13.5 en 21.1 persent van alle Indiërhuishoudings wat by die ondersoek betrek is, oor 'n yskas, telefoon of motorkar beskik.

---

1) Motorvoertuie soos vragmotors wat by die boerdery gebruik word, is nie in berekening gebring nie.

2) Die Sosio-Ekonomiese Posisie van die Indiërbevolking in Natl, bl. 102.

# HOOFSTUK 5

# VOLTYDSE BOERE

## 5.1 INLEIDING

Daar word nou afgestap van die bespreking van die boerderykomplekse en die wooneenhede en die aandag word vervolgens gevestig op die 626 voltydse boere wat op die plase in die ondersoekgebied aangetref is.

## 5.2 ALGEMENE KENMERKE

Daar is reeds in tabel 2.8 aangedui dat daar meer as drie keer soveel manlike (492) as vroulike (134) voltydse boere aangetref is. Die persentasies kom op onderskeidelik 78.6 en 21.4 te staan.

Die ouderdomstruktuur van die voltydse boere verskyn in tabel 5.1.

TABEL 5.1

OUDERDOM VAN VOLTYDSE BOERE VOLGENS GESLAG

| Ouderdom | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| 15 - 24j. | 44 | 8.9 | 3 | 2.2 | 47 | 7.5 |
| 25 - 34j. | 59 | 12.0 | 17 | 12.7 | 76 | 12.1 |
| 35 - 44j. | 97 | 19.7 | 51 | 38.1 | 148 | 23.6 |
| 45 - 54j. | 134 | 27.2 | 34 | 25.4 | 168 | 26.8 |
| 55j. en ouer | 158 | 32.1 | 29 | 21.6 | 187 | 29.9 |
| TOTAAL | 492 | 100.0 | 134 | 100.0 | 626 | 100.0 |

Dit blyk dat bykans 60 persent van die boere (onderskeidelik 59.3 en 47.0% van die mans en vroue) minstens 45 jaar oud is. Die mediaanouderdom van die mans kom op 48.4 en dié van die vroue op 44.2 jaar te staan. As groep is die boere betreklik oud aangesien die mediaanouderdom van die ekonomies aktiewe deel van die Indiërbevolking van 15 jaar en ouer in Natal op slegs nagenoeg 35 jaar te staan kom[1].

---

1) Bereken uit gegewens wat verskyn op bl. 56 van Die Sosio-Ekonomiese Posisie van die Indiërbevolking in Natal.

Vervolgens word op huistaal gelet.

TABEL 5.2

HUISTAAL VAN VOLTYDSE BOERE VOLGENS GESLAG

| Huistaal | Mans. | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Tamil | 248 | 50.4 | 69 | 51.5 | 317 | 50.6 |
| Hindi | 184 | 37.4 | 44 | 32.8 | 228 | 36.4 |
| Gujurati | 6 | 1.2 | 5 | 3.7 | 11 | 1.8 |
| Telugu | 47 | 9.6 | 16 | 11.9 | 63 | 10.1 |
| Urdu | 5 | 1.0 | - | - | 5 | 0.8 |
| Engels | 1 | 0.2 | - | - | 1 | 0.2 |
| Ander | 1 | 0.2 | - | - | 1 | 0.2 |
| TOTAAL | 492 | 100.0 | 134 | 100.0 | 626 | 100.0 |

Volgens tabel 5.2 is 50.6 persent van die boere Tamilsprekend en 'n verdere 46.5 persent of Hindi- of Telugusprekend. Hierdie taalgroepe kom meer onder die boere as onder die algemene Indiërbevolking van Natal voor. Genoemde tale word byna uitsluitlik deur die Hindoe-groep gebesig en daar kan dus verwag word - soos tabel 5.3 dan ook aandui - dat verreweg die meeste van die boere Hindoes is.

TABEL 5.3

GELOOF VAN VOLTYDSE BOERE

| Geloof | G | % |
|---|---|---|
| Hindoe | 602 | 96.2 |
| Moslem | 16 | 2.6 |
| Christen | 8 | 1.3 |
| TOTAAL | 626 | 100.0 |

In 1960 was 14.5 persent van die Asiatebevolking in Natal Moslems en 'n verdere 6.7 persent Christene. Dit is dus duidelik dat hierdie twee groepe veel minder in die ondersoekgebied voorkom as in Natal as geheel[1].

---

1) Die Sosio-Ekonomiese Posisie van die Indiërbevolking in Natal bl. 10.

TABEL 5.4

HUWELIKSTAAT VAN VOLTYDSE BOERE VOLGENS GESLAG

| Huwelikstaat | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Nooit getroud nie | 52 | 10.6 | 3 | 2.2 | 55 | 8.8 |
| Getroud | 409 | 83.1 | 92 | 68.7 | 501 | 80.0 |
| Wewenaar/Weduwee | 30 | 6.1 | 36 | 26.9 | 66 | 10.5 |
| Geskei | 1 | 0.2 | 3 | 2.2 | 4 | 0.6 |
| TOTAAL | 492 | 100.0 | 134 | 100.0 | 626 | 100.0 |

Die ontleding van die boere volgens huwelikstaat in tabel 5.4 toon min of meer die verwagte tendens. Dit is egter opvallend dat 'n betreklik hoë persentasie van die vroue weduwees is. Waarskynlik het hierdie persone die boerdery voortgesit na die afsterwe van hul mans.

Ten slotte word daar in hierdie afdeling verwys na die onderwyspeil van die voltydse boere.

TABEL 5.5

ONDERWYSPEIL VAN VOLTYDSE BOERE VOLGENS GESLAG

| Onderwyspeil | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 112 | 22.8 | 98 | 73.1 | 210 | 33.5 |
| Sub A en B | 13 | 2.6 | 1 | 0.7 | 14 | 2.2 |
| St. 1 - 3 | 125 | 25.4 | 21 | 15.7 | 146 | 23.3 |
| St. 4 - 5 | 115 | 23.4 | 10 | 7.5 | 125 | 20.0 |
| St. 6 - 8 | 119 | 24.2 | 4 | 3.0 | 123 | 19.6 |
| St. 9 - 10 | 8 | 1.6 | - | - | 8 | 1.3 |
| TOTAAL | 492 | 100.0 | 134 | 100.0 | 626 | 100.0 |

Volgens tabel 5.5 het nagenoeg 'n derde van die voltydse boere, en onderskeidelik 22.8 en 73.1 persent van die manlike en vroulike boere, geen skoolonderrig geniet nie. Slegs 20.9 persent van die boere het minstens standerd ses geslaag. Hierteenoor het nagenoeg 43 persent van alle Indiërs in Natal van 15 jaar en ouer minstens standerd ses geslaag[1]. Die onderwyspeil van die boere kom dus as besonder laag voor.

Daar is egter reeds bevind dat die onderwyspeil van Indiërs in landelike gebiede swak vergelyk met dié van Indiërs in dorpe en stede en dat Indiërs in die hoër ouderdomsgroepe, dit wil sê die kategorieë waarin die meeste boere voorkom, oor die algemeen oor veel swakker onderwyskwalifikasies beskik as die jonger garde[1].

[1] Kyk hoofstuk 4 van die verslag oor Die Sosio-Ekonomiese Posisie van die Indiërbevolking in Natal, waarna reeds tevore verwys is.

## 5.3 BESITREG

Hoewel daar reeds in hoofstuk 2 verwys is na die besitreg van die bewoners ten opsigte van die plase, word 'n dergelike ontleding nou ten opsigte van die voltydse boere aangebied. Aangesien geen voltydse boere op sommige van die plase aangetref is nie - en op andere weer meer as een - sal die gegewens ten opsigte van die bewoners en die voltydse boere nie identies wees nie.

TABEL 5.6

BESITREG VAN VOLTYDSE BOERE VOLGENS GESLAG

| Besitreg | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Besit | 193 | 39.2 | 45 | 33.6 | 238 | 38.0 |
| Besit slegs deel | 33 | 6.7 | 4 | 3.0 | 37 | 5.9 |
| Besit nie | 266 | 54.1 | 85 | 63.4 | 351 | 56.1 |
| TOTAAL | 492 | 100.0 | 134 | 100.0 | 626 | 100.0 |

Dit blyk uit tabel 5.6 dat 38.0 persent van die boere die grond besit het waarop hul boer en dat 'n verdere 5.9 persent minstens 'n deel van hul boerderykomplekse besit het. Meer as die helfte huur die eenhede of boer op plase wat aan lede van hul huishoudings of familie behoort.

Tabel 5.7 toon op welke wyse die 275 boere wat grond besit, hul grond verkry het.

TABEL 5.7

WYSE WAAROP EIENAARS HUL GROND BEKOM HET

| Wyse | G | % |
|---|---|---|
| Gekoop | 185 | 67.3 |
| Geërf | 85 | 30.9 |
| Gekoop en geërf | 5 | 1.8 |
| TOTAAL | 275 | 100.0 |

Nagenoeg twee derdes van die besitters het hul grond aangekoop.

## 5.4 ARBEIDSGESKIEDENIS

Ten einde te bepaal of die voltydse boere 'n lewenstaak van die boerdery gemaak het, en of hulle byvoorbeeld slegs na aftrede die boerdery onderneem het om 'n bydrae tot die gesinsinkomste in die vorm van kontant of <u>in natura</u> te lewer, is onder andere vasgestel hoe lank hulle reeds boer en of hulle enige ander beroepe as dié van landbouer beoefen het.

TABEL 5.8

TOTALE TYDPERK AS BOER WERKSAAM VOLGENS BESITREG

| Tyd | Besitreg | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Besit | | Besit plaas gedeeltelik | | Besit nie | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Korter as 10 jaar | 55 | 23.1 | 3 | 8.3 | 99 | 28.2 | 157 | 25.1 |
| 10 - 19 jaar | 33 | 13.9 | 6 | 16.2 | 55 | 15.7 | 94 | 15.0 |
| 20 jaar en langer | 150 | 63.0 | 28 | 75.7 | 197 | 56.1 | 375 | 59.9 |
| TOTAAL | 238 | 100.0 | 37 | 100.0 | 351 | 100.0 | 626 | 100.0 |

Volgens tabel 5.8 is nagenoeg 60 persent van die voltydse boere reeds vir minstens 20 jaar as landbouwerkers werksaam. Dit wil ook voorkom asof die boere wat hul grond besit, ietwat langer boer as diegene wat landbougrond huur.

Vervolgens word aangedui hoeveel van die betrokke boere 'n ander beroep as dié van landbouer beoefen het en vir watter tydperk.

TABEL 5.9

TOTALE TYDPERK IN ANDER BEROEP

| Tyd | G | % |
|---|---|---|
| Geen ander beroep beklee | 495 | 79.1 |
| Minder as 5 jaar | 43 | 6.9 |
| 5 - 9 jaar | 23 | 3.7 |
| 10 - 14 jaar | 15 | 2.4 |
| 15 jaar en langer | 50 | 8.0 |
| TOTAAL | 626 | 100.0 |

Bykans 80 persent van die voltydse boere verklaar dat hulle nog geen ander beroep as dié van landbouer beoefen het nie. Van diegene wat wel ander beroepe beoefen het, het nagenoeg die helfte vir langer as 10 jaar in hierdie ander beroepe gestaan.

TABEL 5.10

VORIGE BEROEPE VAN VOLTYDSE BOERE

| Beroep | G | % |
|---|---|---|
| Klerklike werker | 8 | 6.1 |
| Verkoopswerker | 6 | 4.6 |
| Werker in vervoer-, aflewering- en kommunikasiedienste | 10 | 7.6 |
| Diens-, ontspanning- en sportwerker | 26 | 19.8 |
| Vakman | 3 | 2.3 |
| Halfgeskoolde werker | 25 | 19.1 |
| Arbeider | 50 | 38.2 |
| Ander | 3 | 2.3 |
| TOTAAL | 131 | 100.0 |

Tabel 5.10 toon dat die grootste persentasie van die boere wat al ander beroepe as dié van landbouer beoefen het, voorheen as ongeskoolde of halfgeskoolde werkers geëmplojeer was.

## 5.5 HOUDING TEN OPSIGTE VAN BOERDERY

'n Poging is aangewend om die boere se gesindheid ten opsigte van boerdery te bepaal.

Die responsies op 'n vraag of boerdery die eerste keuse as beroep is, word in onderstaande tabel aangedui.

TABEL 5.11

RESPONSIE OP 'N VRAAG OF BOERDERY DIE EERSTE KEUSE AS BEROEP IS VOLGENS BESITREG

| Responsie | Besitreg | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Besit | | Besit plaas gedeeltelik | | Besit nie | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 216 | 90.8 | 37 | 100.0 | 328 | 93.4 | 581 | 92.8 |
| Nee | 22 | 9.2 | - | - | 23 | 6.6 | 45 | 7.2 |
| TOTAAL | 238 | 100.0 | 37 | 100.0 | 351 | 100.0 | 626 | 100.0 |

Dit is duidelik dat verreweg die meeste boere (92.8%) boerdery as eerste beroepskeuse stel. Die besit al dan nie van grond oefen blykbaar nie 'n groot invloed op hierdie keuse uit nie.

TABEL 5.12

RESPONSIE OP 'N VRAAG OF DAAR 'N TOEKOMS IN BOERDERY IS VOLGENS BESITREG

| Responsie | Besitreg | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Besit | | Besit plaas gedeeltelik | | Besit nie | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja, beslis | 187 | 78.6 | 33 | 89.2 | 256 | 72.9 | 476 | 76.0 |
| Ja | 19 | 8.0 | 3 | 8.1 | 54 | 15.4 | 76 | 12.1 |
| Nee | 18 | 7.6 | 1 | 2.7 | 27 | 7.7 | 46 | 7.3 |
| Nee, beslis nie | 14 | 5.9 | - | - | 14 | 4.0 | 28 | 4.5 |
| TOTAAL | 238 | 100.0 | 37 | 100.0 | 351 | 100.0 | 626 | 100.0 |

Volgens tabel 5.12 is die meeste voltydse boere van mening dat daar vir hulle 'n toekoms in die boerdery is. Hierdie bevinding kom ietwat vreemd voor as die lae kontantinkomste uit die boerderye (kyk tabel 3.6) in gedagte gehou word, maar daar moet onthou word dat die meeste boere, op grond van hul gebrekkige onderwyspeil, gebrek aan ondervinding in ander beroepe en hul betreklik gevorderde leeftyd, geen alternatiewe heenkome in gedagte gehad het nie, en baie van hulle, ten spyte van die lae geldelike wins waarmee hul arbeid beloon word, tog 'n waardevolle bydrae in die vorm van inkomste <u>in natura</u> tot die gesinsinkomste lewer.

Geoordeel aan inligting wat die voltydse boere verstrek het, is die boerdery as beroep veel minder populêr by hulle kinders as by hulleself. Die boere het altesaam 380 seuns tussen die ouderdomme van 10 en 19 jaar gehad en van hulle - volgens die boere - stel slegs 70 (18.4%) daarin belang om boer te word.

Ten slotte kan vermeld word dat 80 persent van die vaders van die voltydse boere ook boere is of was. Nagenoeg 'n vyfde se vaders het ander beroepe beoefen.

## 5.6 DIE BEHOEFTE AAN LANDBOUVOORLIGTING

TABEL 5.13

PROBLEME WAAROOR VOORLIGTING VERLANG WORD

| Probleme | G | % |
|---|---|---|
| Geen | 405 | 64.7 |
| Bewerking onder droogtetoestande | 151 | 24.1 |
| Insekte | 14 | 2.2 |
| Arbeid | 8 | 1.3 |
| Oorstromings | 23 | 3.7 |
| Plantsiektes | 7 | 1.1 |
| Beter verbouingsmetodes | 18 | 2.9 |
| TOTAAL | 626 | 100.0 |

Soos uit tabel 5.13 blyk, verklaar bykans twee derdes van die voltydse boere dat hulle geen landbouvoorligting verlang of benodig nie. Die grootste persentasie wat wel sodanige voorligting verlang, het verklaar dat hulle graag meer wil weet oor hoe om in tye van droogte te boer. Daar moet onthou word dat die ondersoek tydens 'n ernstige droogte plaasgevind het en dat hierdie behoefte in normale jare waarskynlik veel kleiner sal wees.

# HOOFSTUK 6

## DEELTYDSE BOERE

### 6.1 INLEIDING.

Benewens die 626 voltydse boere, is 95 deeltydse boere op die plase aangetref. Slegs mans wat gereeld aandag aan die boerdery gee maar ook elders as op die plase waar hulle aangetref is, werksaam is, is as deeltydse boere ingedeel. Dit gebeur natuurlik dikwels dat huisvroue en kinders met die boerdery behulpsaam is, maar hierdie persone is nie as deeltydse boere ingedeel nie.

Enkele gegewens met betrekking tot die deeltydse boere word kortliks bespreek.

### 6.2 ALGEMENE KENMERKE

Die leeftydstruktuur van die deeltydse boere word in tabel 6.1 aangedui.

TABEL 6.1

OUDERDOM VAN DEELTYDSE BOERE

| Ouderdom | G | % |
|---|---|---|
| 15 - 24 j. | 6 | 6.4 |
| 25 - 34 j. | 17 | 17.9 |
| 35 - 44 j. | 30 | 31.6 |
| 45 - 54 j. | 25 | 26.3 |
| 55j. en ouer | 17 | 17.9 |
| TOTAAL | 95 | 100.0 |

Die mediaanouderdom van die deeltydse boere kom op 43.2 jaar te staan. Die ooreenstemmende syfer ten opsigte van die voltydse manlike boere is op 48.4 jaar bereken.

TABEL 6.2

ONDERWYSPEIL VAN DEELTYDSE BOERE

| Onderwyspeil | G | % |
|---|---|---|
| Geen onderwys | 15 | 15.8 |
| Sub A en B | 3 | 3.2 |
| St. 1 - 3 | 22 | 23.2 |
| St. 4 - 5 | 24 | 25.2 |
| St. 6 - 8 | 30 | 31.6 |
| St. 9 - 10 | 1 | 1.1 |
| TOTAAL | 95 | 100.0 |

Bostaande tabel gee 'n uiteensetting van die onderwyskwalifikasies van die deeltydse boere en toon, onder andere, dat 15.8 persent geen onderwys geniet het nie en dat 32.7 persent

minstens standerd ses geslaag het. Die ooreenstemmende persentasies ten opsigte van die voltydse manlike boere kom op 22.8 en 25.8 te staan, en laasgenoemde groep beskik dus oor ietwat swakker kwalifikasies as die deeltydse boere.

6.3 INKOMSTE

Die bruto inkomste van die deeltydse boere uit die boerdery en uit hul beroep, word in tabel 6.3 aangedui.

TABEL 6.3

BRUTO INKOMSTE VAN DEELTYDSE BOERE UIT BOERDERY EN „ANDER" BEROEP

| Inkomste | Beroep | | Boerdery | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| Minder as R200 | 6 | 6.3 | 70 | 73.7 |
| R200 - 499 | 56 | 58.9 | 23 | 24.2 |
| R500 en meer | 33 | 34.7 | 2 | 2.1 |
| TOTAAL | 95 | 100.0 | 95 | 100.0 |

Dit blyk dat nagenoeg driekwart van die deeltydse boere 'n bruto inkomste van minder as R200 per jaar uit die boerdery verdien. Meer as 90 persent verdien meer as R200 per jaar in die ander beroep wat hulle beoefen en dit is dus reeds duidelik dat hierdie beroepe, en nie die boerdery nie, die hoofbron van inkomste is. Nagenoeg 93 persent van die deeltydse boere verklaar dan ook dat hierdie ander beroepe hul hoofbron van inkomste is.

6.4 BEROEPSAANGELEENTHEDE

Diverse beroepsaangeleenthede ten opsigte van die deeltydse boere word vervolgens kortliks aangestip.

TABEL 6.4

„ANDER" BEROEP VAN DEELTYDSE BOERE

| Beroep | G | % |
|---|---|---|
| Administratiewe beampte | 1 | 1.1 |
| Klerklike werker | 2 | 2.1 |
| Verkoopswerker | 1 | 1.1 |
| Visser | 1 | 1.1 |
| Werker in vervoer en kommunikasie | 17 | 17.9 |
| Persoonlike dienswerker | 15 | 15.8 |
| Vakman | 4 | 4.2 |
| Halfgeskoolde werker | 19 | 20.0 |
| Smous | 19 | 20.0 |
| Plaasarbeider | 2 | 2.1 |
| Ander arbeider | 14 | 14.7 |
| TOTAAL | 95 | 100.0 |

Die grootste persentasie van die deeltydse boere was volgens tabel 6.4 as halfgeskooldes, smouse, arbeiders en vervoer- en kommunikasiewerkers werksaam.

TABEL 6.5

TYD PER WEEK BESTEE AAN „ANDER" BEROEP

| Tyd per week | G | % |
|---|---|---|
| Minder as 20 uur | 3 | 3.2 |
| 20 - 29 uur | 4 | 4.3 |
| 30 - 39 uur | 10 | 10.6 |
| 40 - 44 uur | 38 | 40.0 |
| 45 uur en langer | 40 | 42.1 |
| TOTAAL | 95 | 100.0 |

Tabel 6.5 toon dat meer as 80 persent van die deeltydse boere minstens 40 uur per week werksaam is in hul „ander" beroep en tabel 6.6 dat nagenoeg 80 persent hoogstens 14 uur per week aan die boerdery bestee.

TABEL 6.6

TYD PER WEEK BESTEE AAN BOERDERY

| Tyd per week | G | % |
|---|---|---|
| Minder as 5 uur | 24 | 25.3 |
| 5 - 9 uur | 22 | 23.2 |
| 10 - 14 uur | 29 | 30.5 |
| 15 - 19 uur | 11 | 11.6 |
| 20 uur en langer | 9 | 9.5 |
| TOTAAL | 95 | 100.0 |

Op 'n vraag waarom die deeltydse boere nie voltyds boer nie, voer 86.4 persent ekonomiese redes aan. Die res verklaar dat hulle nie juis in boerdery belangstel nie of om gesondheidsredes nie voltyds boer nie.

HOOFSTUK 7

# PLAKKERBOERE

## 7.1 INLEIDING

Soos reeds in hoofstuk 1 vermeld, is daar ook gepoog om inligting met betrekking tot „plakkerboere" en „plakkerboerderye" in te win en vir hierdie doel is 'n afsonderlike vraelys opgestel en gebruik.

Met 'n plakkerboerdery word bedoel 'n boerdery wat aangelê is op grond wat die plakkerboer nie besit nie en ook nie huur nie. Eintlik word die grond dus „wederregtelik" in besit geneem deur die plakkerboer vir doeleindes van 'n boerdery.

Die meeste dergelike boerderye wat teëgekom is, is aangelê op grond wat aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë of aan die Durbanse Stadsraad behoort. Hierdie instansies laat blykbaar die gebruik van hul onbenutte grond deur plakkerboere oogluikend toe.

Die ondersoek na die plakkerboerderye en plakkerboere was ongelukkig minder geslaagd en slegs 'n klein persentasie van die persone en huishoudings betrokke by plakkerboerderye kon by die ondersoek betrek word. Eerstens was dit 'n onbegonne taak om al hierdie eenhede op te spoor wat oral langs spoorlyne, paaie en waterstrome geleë is[1]. Tweedens het dit dikwels gebeur dat die veldwerkers op dergelike boerderye afgekom het sonder dat hulle daarin kon slaag om diegene verantwoordelik vir die boerderye op te spoor. Die plakkerboere is selde op „hul boerderye" self woonagtig en woon dikwels in nabygeleë residensiële buurtes. Derdens, wetende dat hulle oortree op grond wat nie aan hulle behoort nie, was diegene verantwoordelik vir die soort boerdery dikwels vlugtend vir die veldwerkers.

Gegewens is met betrekking tot slegs 41 dergelike boerderye en die betrokke huishoudings ingewin en hierdie gegewens word vervolgens ontleed. Daar word vrylik toegegee dat hierdie gegewens nie verteenwoordigend van die universum mag wees nie, maar nogtans mag dit op tendense dui wat van waarde sal wees.

## 7.2 BOERDERYASPEKTE

Die tuine wat deur die plakkerboere aangelê word, is byna deurgaans baie klein. Nagenoeg die helfte van die tuine het 'n oppervlakte van hoogstens 'n kwart akker beslaan, ongeveer 'n derde was tussen 'n kwart en 'n halwe akker groot terwyl slegs sowat 16 persent groter as 'n halwe akker is. Daar word feitlik slegs met groente geboer. Die tuine is dikwels in 'n verwaarloosde toestand aangetref en dit wil voorkom asof die produkte wat gelewer word dikwels van 'n swak gehalte is.

Soos verwag kan word, is verreweg die meeste van die tuine aangelê ten einde sover moontlik in die betrokke huishoudings se eie behoeftes te voorsien of om die geldelike gewin wat die verkoop

---

1) Een dergelike boerdery is selfs op 'n sportterrein aangetref.

van produkte sou oplewer. Nogtans is dit opvallend dat meer as 40 persent van die tuine aangelê is slegs met die doel om in die eie behoeftes aan groente te voorsien.

Volgens die informante voorsien dié tuine egter selde of nooit in al die behoeftes aan groente van die betrokke huishoudings nie. Op meer as driekwart van die tuine word (volgens die skattings van die informante) hoogstens die helfte van die groente geproduseer wat normaalweg in die loop van 'n jaar deur hulle huishoudings verbruik word.

Die gemiddelde maandelikse inkomste van die huishoudings uit die verkoop van groente wat in die betrokke tuine verbou is, word in tabel 7.1 aangedui.

TABEL 7.1

GEMIDDELDE MAANDELIKSE INKOMSTE VERKRY UIT DIE VERKOOP VAN GROENTE WAT OP DIE PLAKKERBOERDERYE GEPRODUSEER IS

| Inkomste | G | % |
|---|---|---|
| Geen | 24 | 58.5 |
| Minder as R5 | 3 | 7.3 |
| R5 - 7 | 5 | 12.2 |
| R8 - 9 | 8 | 19.5 |
| R10 en meer | 1 | 2.4 |
| TOTAAL | 41 | 100.0 |

Meer as die helfte van die betrokke huishoudings het geen inkomste uit hierdie bron gehad nie. Vermoedelik word daar in hierdie gevalle slegs vir eie gebruik geproduseer. Waar van die produkte wel verkoop word, is die gemiddelde inkomste wat verkry word gewoonlik tussen R5 en R9 per maand.

Hoewel daar telkens in hierdie hoofstuk na „plakkerboere" verwys word, is dergelike persone selde aangetref. Slegs drie persone, twee mans en 'n vrou, was voltyds op die tuine werksaam. Die meeste arbeid op die tuine word gelewer deur kinders, huisvroue en mans wat voltyds in Durban en omgewing werksaam is.

## 7.3 DIE HUISHOUDINGS

Die samestelling van die bevolking van die huishoudings wat die tuine aangelê het, word in tabel 7.2 aangedui. Dit blyk eerstens dat die huishoudings uit 288 individue saamgestel is. Dit kom neer op 'n gemiddeld van nagenoeg sewe persone per huishouding. Aangesien groente 'n baie belangrike voedselsoort in die dieet van Indiërs is, is dit duidelik dat die verbruik van groente deur die gemiddelde huishouding van groot omvang moet wees. Dit is dus te verstane dat 'n groot persentasie van die tuine slegs vir die kweek van groente vir eie gebruik aangewend word.

TABEL 7.2

**TOTALE BEVOLKING VAN HUISHOUDINGS MET PLAKKERBOERDERYE GEMOEID VOLGENS GESLAG**

| Geslag | Voltyds geëmplojeer | | Werkloses wat werk soek | | Kinders jonger as 7 jaar | | Kinders 7 tot 15 jaar | | Voltyds elders geëmplojeer | | Ander: huisvroue ens. | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Mans | 2 | 1.4 | 4 | 2.7 | 38 | 26.0 | 23 | 15.8 | 59 | 40.4 | 20 | 13.7 | 146 | 100.0 |
| Vroue | 1 | 0.7 | 1 | 0.7 | 29 | 20.4 | 32 | 22.5 | 1 | 0.7 | 78 | 54.9 | 142 | 100.0 |
| Totaal | 3 | 1.0 | 5 | 1.7 | 67 | 23.3 | 55 | 19.1 | 60 | 20.8 | 98 | 34.0 | 288 | 100.0 |

Vervolgens val dit op dat teenoor die drie „voltydse boere", 60 persone voltyds elders (as op die tuine) werksaam is. Hiervan kan reeds afgelei word dat die ekonomiese belangrikheid van die tuine relatief gesproke van sekondêre belang moet wees.

Nogtans is die bydrae wat die tuine lewer in sommige gevalle ongetwyfeld baie welkom. Nieteenstaande die feit dat daar gemiddeld nagenoeg 1.5 broodwinners per huishouding is, kom die afhanklikheidsyfer by hierdie huishoudings - soos in die geval van die Indiërbevolking in die Republiek - op nagenoeg 357 te staan, wat baie hoog is [1].

Die grootste persentasie van die persone wat voltyds elders geëmplojeer is, is halfgeskooldes (43.3%) en ongeskoolde arbeiders (31.7%). Enkele klerke, verkoopswerkers, landbouwerkers (wat elders as op die tuine werksaam is), vervoerwerkers, persoonlike dienswerkers en geskoolde arbeiders kom ook voor.

Die ontleding word afgesluit deur tabel 7.3 wat die totale maandelikse kontantinkomste van die 41 huishoudings aandui.

TABEL 7.3

TOTALE KONTANTINKOMSTE (PER MAAND) VAN HUISHOUDINGS WAT MET PLAKKERBOERDERYE GEMOEID IS

| Inkomste | G | % |
|---|---|---|
| Minder as R40 | 13 | 31.7 |
| R40 - 59 | 13 | 31.7 |
| R60 - 79 | 6 | 14.6 |
| R80 - 109 | 2 | 4.9 |
| R110 - 139 | 5 | 12.2 |
| R140 en meer | 2 | 4.9 |
| TOTAAL | 41 | 100.0 |

Volgens die gegewens wat deur die informante verstrek is, verdien meer as 60 persent van die huishoudings minder as R60 per maand in kontant. Indien die gegewens in hierdie tabel met dié in tabel 7.1 vergelyk word, is dit duidelik dat die kontantinkomste verkry uit die opbrengs van die tuine slegs 'n geringe bydrae lewer tot die kontantinkomste van die huishoudings.

Die kontantwaarde van die inkomste in goedere uit die plakkerboerderye is nie bepaal nie.

1) L. Kuper, H. Watts en R. Davies wys daarop dat die afhanklikheidsyfer (die getal afhanklikes vir elke 100 persone wat 'n inkomste het) by die Indiërs, Kleurlinge en Blankes op onderskeidelik 357, 213 en 95 te staan kom.
(KUPER, Leo, WATTS, Hilstan and DAVIES, Ronald. Durban: A Study in Racial Ecology. London, Jonathan Cape, 1958, bl. 62 .)

# HOOFSTUK 8

## SAMEVATTING

## 8.1 INLEIDING

Die ondersoek na die Indiërboere, hul boerderyaktiwiteite en aanverwante aspekte is tot die landdrosdistrikte van Durban en Pinetown beperk.

Gegewens is met betrekking tot 615 plase en hul bewoners ingewin. Hierdie plase verteenwoordig naastenby die universum en nie slegs 'n steekproef nie.

Die veldondersoek is in September 1966 aangepak en in dieselfde maand afgehandel.

## 8.2 DIE BOERDERYKOMPLEKS: DIE GROOTTE EN DIE BEWONERS

Nagenoeg die helfte van die plase is kleiner as vier akker en die mediaan-grootte kom op ongeveer 3.2 akker te staan [1]. Die mediaanoppervlakte van die gedeeltes van die plase wat vir boerderydoeleindes aangewend word, is ietwat kleiner en kom op sowat 3.0 akker te staan. Op die meeste plase word alle grond wat moontlik vir boerderydoeleindes aangewend kan word, reeds vir dié doel aangewend en is daar dus nie veel geleentheid vir horisontale uitbreiding nie. Ietwat groter oppervlaktes word vir droëland- as vir besproeiingsboerdery aangewend.

In totaal beslaan die 615 plase 6,450 akker waarvan 4,340 akker deur die bewoners besit word.

Op die plase is 6,128 Indiërs aangetref. Die gemiddelde getal persone per plaas kom dus op nagenoeg 10.0 te staan en die mediaan op sowat 10.6 persone per plaas. Op sommige plase is meer as 20 Indiërs aangetref.

Die meeste ekonomies aktiewe persone vind 'n heenkome elders as op die plase self. Slegs 15.4 persent van die manlike bewoners van alle ouderdomme is voltydse boere [2], en 'n verdere 3.0 persent is deeltydse boere [2].

Hierteenoor is 29.3 persent van alle manlike bewoners voltyds elders in diens. In totaal is daar 626 voltydse boere (492 mans en 134 vroue) teenoor 947 persone (933 mans en 14 vroue) wat elders geëmplojeer is. Teenoor die gemiddeld van nagenoeg 1 voltydse boer per plaas, is daar dus sowat 1.5 persone wat elders werk.

Werklose mans is op 8.8 persent van die plase aangetref.

---

1) Die mediaan verteenwoordig die middelste waarde en moet nie met die „gemiddelde" verwar word nie. Daar is dus net soveel plase wat kleiner as groter as 3.2 akker is.

2) Kyk omskrywing in afdeling 1.4.2 en 1.4.3.

8.3 DIE BOERDERYKOMPLEKS: EKONOMIESE ASPEKTE

Groente- en piesangboerdery is die hoofaktiwiteit op die meeste van die plase. Op slegs 34.8 persent van die plase word glad nie met groente geboer nie. Die ooreenstemmende persentasie ten opsigte van piesangboerdery kom op 58.0 persent te staan. Soos verwag kan word, is die groenteplase gewoonlik kleiner as die piesangplase.

Tydens die opname was die oppervlakte van die plase waarop die hoofproduk verbou word min of meer dieselfde as dié twee jaar voor die ondersoek. In hierdie tydperk het die opbrengs uit die hoofproduk op 33.8 persent van die plase gedaal, in 8.9 persent van die gevalle het dit gestyg terwyl dit op meer as die helfte van die plase min of meer konstant gebly het. Meesal is die langdurige droogte geblameer vir die daling in opbrengs.

Op 3.1 persent van die plase is produkte verbou wat blykbaar nie vir die mark bestem is nie, op 14.0 persent van die plase het die boerdery 'n verlies getoon in die jaar wat die ondersoek vooraf gegaan het, terwyl 82.9 persent in hierdie tydperk 'n wins getoon het. Op nagenoeg 70 persent van die plase het die boerdery òf op 'n verlies uitgeloop òf is die wins op hoogstens R200 gereken.

Die kontantinkomste waarmee die boere se arbeid bekroon word, is dus laag. Die klein plase, ondoeltreffende boerderymetodes, die feit dat 'n aansienlike deel van die opbrengs deur die groot getal bewoners van die plase self verbruik word, die feit dat boerdery dikwels slegs bysaak is en die droogte is redes wat vir hierdie toedrag van sake aangevoer kan word. Hierbenewens word van die boerderye verwaarloos omdat die bewoners van mening is dat hulle eersdaags hervestig sal word en dus hul plase kwyt sal wees.

Die waarde van meer as 70 persent van die plase wat deur die bewoners besit word, is deur die informante (gewoonlik 'n voltydse boer of die hoof van die huishouding) op tussen R1,000 en R15,000 geraam. Die waarde van sommige van die plase is egter op minstens R50,000 geraam. Oor die algemeen is die waarde van ander bates gering. Op slegs nagenoeg 'n tiende van die plase is daar woonhuise wat vir minstens R5,000 waardeer word, terwyl die waarde van plaasimplimente op nagenoeg driekwart van die plase op minder as R100 gestel is. Slegs 'n geringe persentasie van die boere skuld geld ten opsigte van hul grond of plaasimplimente.

Op 16.9 persent van die plase word nie van bemestingstowwe gebruik gemaak nie. In totaal word nagenoeg 3,365 ton kraalmis, 1,175 ton hoendermis en 858 ton kunsmis per jaar gebruik.

Tydens die opname was 264 Bantoes en 36 Indiërs voltyds as gehuurde arbeiders in diens op die plase. Daar word ook soms van kasuele arbeid gebruik gemaak.

Die meeste boere verklaar dat hulle die meeste van hul produkte op die oggendmark („morning market") verkoop.

8.4 BEHUISING

Verreweg die meeste van die woonhuise wat op die plase aangetref is, is sinkhuise. Ongeveer 70 persent van die wonings beskik oor drie, vier of vyf woonvertrekke[1] terwyl in nagenoeg 80 persent twee, drie of vier slaapvertrekke[2] aangetref is.

Aangesien daar soms meer as agt persone in 'n woning woon met slegs een of twee slaapvertrekke, is dit duidelik dat van die wonings oorvol is. Volgens sekere kriteria wat gebruik is, word in nagenoeg 'n derde van die wonings minder slaapvertrekke aangetref as wat, volgens die kriteria, benodig word.

Slegs 16.2 persent van die wonings beskik oor sowel aangelegde water as elektrisiteit. Byna 60 persent het nie aangelegde water of elektrise krag nie.

Onderskeidelik 64.0 en 21.5 persent van die huishoudings beskik oor 'n radio of private motor. Slegs 'n geringe persentasie huur 'n telefoon of besit 'n yskas.

8.5 VOLTYDSE BOERE

As groep is die boere betreklik oud. Hul mediaanouderdom kom op 44.2 jaar te staan. Verreweg die meeste is Tamil- of Hindisprekend en is hulle dus oorwegend (96.2%) Hindoes. Meer as 80 persent van die mans teenoor nagenoeg twee derdes van die vroue is getroud. Die onderwyspeil van die boere, en veral van die vroulike boere, is laag.

Agt en dertig persent van die voltydse boere besit die hele boerderykompleks waarop hulle boer. Die meeste van hierdie persone het hul grond gekoop maar 'n aansienlike persentasie het grond geërf. Sowat 60 persent van die boere boer reeds vir minstens 20 jaar. Slegs 20.9 persent van die boere verklaar dat hulle ondervinding van ander soorte beroepe het. Die meeste van hierdie persone het ondervinding as half- en ongeskoolde werkers opgedoen.

Meer as 90 persent van die boere verklaar dat die beroep van landbouer hul eerste beroepskeuse is. Net minder as 90 persent verklaar dat daar vir hulle 'n toekoms in die boerdery is.

Die meeste boere, naamlik 64.7 persent, verklaar dat hulle geen landbouvoorligting benodig nie. Die res het veral probleme insake die droogtetoestand gehad.

8.6 DEELTYDSE BOERE

Slegs 95 deeltydse boere is aangetref. Hulle mediaanouderdom kom op 43.2 jaar te staan en hulle is dus, as groep, ietwat jonger as die voltydse boere. Die deeltydse boere beskik oor ietwat hoër onderwyskwalifikasies as die voltydse boere.

---

1) Sitkamers, eetkamers en slaapkamers.

2) Vertrekke waarin 'n persoon of persone werklik slaap. 'n Slaapkamer waarin niemand slaap nie, is as woonvertrek gereken maar nie as slaapvertrek nie.

Dit is duidelik dat die beoefening van die voltydse beroep veel meer lonend is as die boerdery aangesien 34.7 persent van hierdie persone minstens R500 per jaar deur middel van hul voltydse beroepe verdien teenoor 2.1 persent wat met boerdery behulpsaam is wat 'n inkomste van minstens R500 per jaar lewer. Die meeste deeltydse boere is halfgeskoolde werkers, arbeiders, smouse en vervoer- en kommunikasiewerkers.

Nagenoeg 80 persent van die deeltydse boere beoefen beroepe waaraan 'n werkweek van minstens 40 uur verbonde is. Bykans 80 persent van hierdie persone bestee hoogstens 15 uur per week aan die boerdery.

Op 'n vraag waarom hulle nie voltyds boer nie, het 86.4 persent van die deeltydse boere ekonomiese redes aangevoer.

## 8.7 PLAKKERBOERE

Om verskeie redes was die ondersoek na die plakkerboere en plakkerboerderye minder geslaagd en die gegewens in hierdie verband moet as tentatief beskou word. Gegewens is met betrekking tot 41 dergelike boerderye ingewin.

Die tuine wat deur die plakkerboere aangelê is, is oor die algemeen klein. Daar word bykans deurgaans met groente geboer. Meer as 40 persent van die tuine is aanvanklik aangelê met die uitsluitlike doel om groente vir eie verbruik te produseer maar dit gebeur selde dat in al die behoeftes aan groente voldoen kan word. Slegs nagenoeg 40 persent van die tuine lewer produkte wat vir kontant verkoop word.

Die 41 huishoudings wat vir die tuine verantwoordelik is, is saamgestel uit 288 individue. Slegs drie „voltydse boere" is teëgekom. Hierteenoor is 60 persone elders voltyds geëmplojeer.

Meer as 60 persent van die huishoudings verdien minder as R60 per maand in kontant.

## 8.8 SLOTBESKOUING

Met betrekking tot die sentrale probleem, naamlik dat die voortbestaan van die gemeenskap in sy huidige omgewing in die gedrang begin kom, die volgende slotbeskouing:

Landboueenhede is teëgekom wat ekonomiese eenhede is, daar word vooruitstrewend geboer en die bewoners is primêr met die landbou gemoeid. Andere egter, voldoen nie aan hierdie vereistes nie en kan soms bloot as standplase beskou word van persone wat op die stedelike arbeidsmark meeding. Globaal gesien, is die betrokke gemeenskap nie 'n tipies landelike gemeenskap nie. In die algemeen is die gemeenskap veel minder van die boerdery as van die verdienstes van diegene wat elders werk, afhanklik. Dit beteken nie dat die inkomste in kontant en <u>in natura</u> wat uit die plase verkry word, nie 'n belangrike bydrae tot die gesinsinkomstes lewer nie.

Die graad van werklike „fisiese" verstedeliking, asook die groot mate van „mentale" verstedeliking, sal ongetwyfeld as 'n buffer dien teen die skokke wat volg of gepaard gaan met die proses van „verdringing" as gevolg van natuurlike ekologiese prosesse of die „verplasing" van die gemeenskap uit ander oorwegings.

**RAAD VIR** GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
**HUMAN** SCIENCES RESEARCH COUNCIL

Indien alternatiewe boerderygeleenthede daargestel word, sal daar ook probleme volg. Dit is naamlik hoogs twyfelagtig of die meeste ekonomiese aktiewe persone - en veral die jonger werkers - wat tans op die plase woon, enigsins belangstel in die boerdery as beroep. Hierdie persone, met hul nukleêre gesinne, sal dan moontlik moet wegbreek uit die groter samegestelde familiegroepe ten einde binne bereik van hul werkplekke te bly.

Probleme word voorsien indien dit sou gebeur dat die voltydse boere, waarvan heelwat ongetwyfeld bona fide boere is, nie meer die landbou kan beoefen nie. Hierdie persone is oor die algemeen betreklik oud, beskik as groep oor lae onderwyskwalifikasies en het min ondervinding van ander soorte werk. Hierdie kenmerke sal hulle inskakeling by die stedelike arbeidsmag bemoeilik en waarskynlik 'n mate van werkloosheid tot gevolg hê.

36386

R G N | H S R C
BIBLIOTEEK | LIBRARY